# H O O F S T U K   I I I .

## DIE REGERING VAN DIE KERK.

### 1. Die Koning van die Kerk:

Die kerk is die liggaam van Christus. Die lede is vergader en aan die Hoof en aan mekaar verbind deur die Heilige Gees. Dié wat so aan die Hoof, Christus, verbind is, is ook die burgers van die Koninkryk van die hemele. Die liggaam word deur die Hoof regeer. Maar die Hoof is ook Koning. Koning van die burgers van die Koninkryk van die hemele, wat in hierdie bedeling, voor sy wederkoms, as kerk vergader is. Christus is dus ook die enige en ewige Koning van sy Kerk.

Hy regeer egter die kerk deur die diens van mense. Sy regering word verwerklik deur die ampsdraers. Hulle moet die reg vorm, toepas en handhaaf vir en in die kerk, ooreenkomstig die wil van die Koning van die kerk, soos vervat in Sy Woord. Dit wil sê dat die ampsdraers, by die vorming van die reëls vir die gedrag van die vergadering van die gelowiges, sowel as by die toepassing en die handhawing daarvan, nie willekeurig kan optree nie. As hulle die kerk regeer, mag hulle niks anders doen as om die wil van Christus aangaande die gedrag van die gelowiges neer telê nie. Deur die kerkinrigting moet gesorg word dat die gelowiges weet hoedat, en dat, elkeen hom in die huis van God moet gedra. En as daar verset teen die wil van die Koning is, moet die ampsdraers teen die ongehoorsames optree alleen soos Hy dit voorgeskryf het. Dit kom dus daarop neer dat in die kerkregering daar 'n orde gestel word vir die bediening en toepassing van die Woord en sakramente in

die midde van die vergaderde gelowiges. Voetius sê dan ook dat die kerkregering 'n sekere orde is, waarvolgens die uitwendige genademiddels in die kerklike gemeenskap aangewend en toegepas word.[1)] Die ampsdraers kan nie oor die genademiddels[2)] willekeurig beskik nie. Dit moet aangewend word soos deur Christus bepaal tot vergadering, onderhouding en bewaring van sy kerk.

Hoewel Christus dus sy kerk deur die ampsdraers regeer, het die kerkregering tog nie in die hande van mense gekom nie en is die kerk nie omvorm tot 'n ryk waarin 'n mens of mense regeer nie.[3)] Dit is en bly Hyself wat regeer, die ampsdraers is alleen sy instrumente, die organe waardeur Hy sy wil tuisbring en handhaaf. Die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag berus wesenlik dus by Hom alleen. Hy regeer self deur Sy Gees en Woord; terwyl die Woord deur die gesante bedien word.[4)] Daarom is die kerkregering in

---

1). Vgl. Gisberti Voettii: Tractatus Selecti de Politica Ecclesiastica. Series Prima. Edidit F.L. Rutgers. Amstelodami MDCCCLXXXV. Apud.J.H. Kruyt. p.201. „Politia Ecclesiastica est certus ordo, secundum quem externa salutis media in communione Ecclesiastica diriguntur & applicantur."

2). A.J. Bronkhorst wys daarop dat die sakramente aan die Woord verbonde is. Dit is die „sigbare Woord." Daarom spreek hy liefs nie van die sakramente as genademiddels nie - dit is maar 'n uitvloeisel van die Woord as die genademiddel, en bring niks anders as die Woord nie. Dit bevestig alleen die geloof wat reeds deur die Woord gewerk is. „De Sacramenten zijn geen genademiddelen, maar slechts genadetekenen en genadezegelen." Schrift en Kerkorde p.230. Vgl. ook H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek IV. (1911). p.457. „Naar de Schrift toch gaat het Woord voorop, en het sacrament komt daaraan als aanhangsel en zegel toe."

3). Sohm meen dat dit wel geskied. Vgl. a.w. I. p.45?.

4). Vgl. Calvyn: Institusie IV. III. I. p.54.

wese streng monargaal. Insoverre Christus in die bediening van Sy Woord Sy volk direk aan Hom bind deur die geloof en die Heilige Gees 'n streng persoonlike verhouding tussen Hom en hulle bewerk, staan, prinsipieel besien, niemand tussen Hom en sy volk, sy kerk, nie. Tereg sê Bavinck: „Over de kerk is Christus alleen koning; hare regeering is in het onzichtbare strikt monargaal."[5]

2. <u>Die verwerkliking van die Koningskap van Christus in die Kerk</u>.

(a) <u>Sohm en Von Campenhausen</u>:

Vir Sohm is die monargale regering deur Christus die enigste waarvan gespreek kan word in die kerk. Die predikamp is voldoende om die Christusregering te verwerklik.[6] H. von Campenhausen sluit by Sohm aan, maar waar laasgenoemde nog die predikamp as enigsins formeel ingestel in die kerk aanvaar deur die openlike erkenning van diê wat die leergawe het, verwerp eersgenoemde die instelling van die amp tot die regering van die kerk geheel en al. Die apostels speel as vaste kring volgens hom ook geen rol in die eerste gemeentes nie.[7] Die betekenis van die twaalf is bloot eskatologies. Hulle was ook, behalwe vir Petrus, geen sendelinge nie. Vir die kerkregering het hulle geen betekenis nie. „Die durch Lukas herrschend gewordene

---

5). H. Bavinck: a.w. IV. (1911). p.424.

6). Vgl. R. Sohm: a.w. I. p.p. 484/5.

7). Vgl. H. von Campenhausen: Kirchliches Amt und geistliche Vollmacht in den ersten drei Jahrhunderten. Tübingen 1955. p.16.

Vorstellung, die Zwölf seien die eigentlichen Führer und Regenten der Urgemeinde gewesen läszt sich jedoch nicht halten."[8] Die betekenis van die twaalf lê alleen daarin dat hulle getuies was van die opstandingsfeit.[9] Petrus is die rots waarop die kerk gebou is, omdat die verrese Heiland eerste aan hom verskyn het, insoverre dit die twaalf aangaan.[10] Die arbeid van die twaalf was nie van amptelik-organisatoriese aard nie.[11] Die kerk is 'n geestelike bo-wêreldlike verskyning en dit ken geen geestelike owerheid nie. Dit is alleen normaal as vrywillige gehoorsaamheid aan die Woord uit liefde gevorder word. Die leergawe tree net opvoedend en waarskuwend op. Paulus ken ook geen ampsdraers nie. „Für ein Leitungsamt noch Art des Presbyterates oder der späteren monarchischen Bischofsamtes ist in Korinth weder pracktisch noch grundsätzlich Platz........"[12] Die dienste wat in die kerk verrig word, is charismaties en nie verbonde aan 'n amp nie. Dit is wel 'n uitvloeisel van 'n gawe wat die Gees skenk. Die regering is charismaties en eintlik so direk van Christus. Dit bly streng monargaal. Die ampsgedagte en die verskyning van ampsdraers as regeerders van die kerk, selfs al is dit in die naam van Christus, was nie die

---

8). ibid. p.17.

9). Vgl. ibid. p.18.

10). Vgl. ibid. p.19.

11). Vgl. ibid. p.38.

12). ibid. p.71.

oorspronklike bedoeling nie en het eers ná Paulus ontstaan.[13)]

Hierdie opvatting sluit dus enige regering van die kerk, waarby mense betrokke is uit. Alleen die koningskap van Christus, soos uitgeoefen deur Sy Gees en Woord, word aanvaar. Die Woord word gepredik en dan is dit Christus en dié wat die Woord hoor, se persoonlike saak of daaraan gehoorsaamheid uit liefde betoon word of nie . As van 'n regeringstelsel gespreek moet word insoverre mense in die regering van die kerk betrokke is, kan alleen van 'n Charismatiese-stelsel gespreek word. Die enigste manier waarop Christus regeer, is om Sy Woord te laat spreek deur die wat die gawe daartoe het.

(b) Die Kollegialisme:

Waar dit 'n feit is dat die kerk tog regeer word en in die regering mense betrokke is, wat met gesag optree, sluit die opvatting van Sohm en Von Campenhausen teen wil en dank aan by die heersende gedagte van die Aufklärung. Die kerk is naamlik 'n menslike instelling. Die verskil tussen byvoorbeeld Sohm en die rasionaliste is dan alleen dat eersgenoemde die wese en bestaan van die kerk na die onsigbare verlê en dat die sigbare organisasie deur menslike afwyking ontstaan het, terwyl die rasionaliste die wese van die kerk as aards aanmerk. Dit het bloot uit die menslike

---

13). Vgl. ibid. p.62, waar v.C. om hierdie standpunt te kan handhaaf, sy toevlug neem tot die Skrifkritiek. Hy verklaar: „Die Pastoralbriefe, aber auch der Ephesebrief, sind hierbei natürlich niet als Paulinisch gerechnet." Voetnoot 3.

samelewingsdrang, tot behartiging van godsdienstige belange, ontstaan en berus op menslike willekeur. „Die Kirche ist eine Reigionsgesellschaft."[14] Die kerk is nie van goddelike oorsprong nie. „So 'n Kerk word dan gebore uit 'n verdrag of ooreenkoms en is niks anders as 'n collegium of vereniging nie, soos daar meer ander verenigings in 'n land kan wees."[15] Dit word dan ooreenkomstig die kollegiale sisteem geregeer.

Volgens hierdie beskouing is daar geen sprake van die regering van die kerk deur Christus nie. Die leer van die volksoewereiniteit erken geen ander gesag as dié van die lede van die vereniging nie. „Dit collegiaal systeem is niets anders dan de toepassing op de kerk van Christus van de denkbeelden der Fransche Revolutie."[16] Die regeermag berus by die kerklede en kan deur hulleself uitgeoefen word. Prakties is dit egter wenslik om die regering oor te dra aan wie die gemeente verkies. So ontstaan die ampte. Prinsipieel is die amp vir die kerk nie essensieel nie, alleen uit praktiese oorwegings is dit wenslik dat daar ampsdraers is. „Die verdraaide kollegiale opvatting van die amb het viral die „repräsentativ-princip" op die voorgrond gebreng. Is die ambsdraër <u>orgaan</u> van die gemeente dan, so sê die kollegialiste; is hy ook <u>verteenwoordiger</u> daarvan."[17] Die gemeentelede

---

14). O. Linton: a.w. p.5. Vgl. ook p.p. 25 en 28.

15). Prof. Dr. J.P. Jooste: Die Roeping tot die Amp van Predikant. 1950. p.1.

16). A. Kuyper: Tractaat van de Reformatie der Kerken. Amsterdam. 1884. p.51. (In vervolg aangehaal as <u>Tractaat</u>.)

17). C.J.H. de Wet: Die Kollegiale Kerkreg 1921. p.129.

dra hulle gesag aan die ampsdraers oor as hulle organe en verteenwoordigers.

In hierdie sisteem berus die hoogste gesag in die kerk gewoonlik by die sinode, terwyl laere besture in dalende orde tot by die kerkraad die algemene kerk verteenwoordig by die verskillende plaaslike vertakkinge daarvan.[18] Omdat die lede van die kerk egter hulle mag kan oordra aan wie hulle wil, kan die kollegiale beginsels verskillend toegepas word: „Zoo kan men presbyteriaal zijn, en het gezag opdragen aan de presbyters, maar ook papaal, het opdragende aan den Paus, of Synodaal, het overdragend aan de synode. Maar altijd moet de grondslag zijn: het gezag rust in den vrijen wil der meerderheid."[19] A. Kuyper noem die stelsel „een echt cameleontisch stelsel; ge kunt er elk stelsel meê goedpraten; alleen het fundament staat wrak en trekt van onder elk dier andere stelsels het goddelijk fundament weg, om er het revulutionaire voor in de plaats te schuiven. Want dit is zijn zonden dat het de outoriteit Gods in Zijnen Christus nooit anders in zijn kerk gedoogd dan rustende op de outoriteit van den vrijen wil des menschen."[20]

(c) <u>Die independentisme of Kongregasionalisme</u>:

Die uitgangspunt in die independentistiese stelsel is die kongregasie. Elke groep van gelowiges wat op een plek en in een vergaderplek saamkom, is 'n kongregasie. Sodra 'n kongregasie te groot word vir

---

18). Vgl. „Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde kerk in het Koningrijk der Nederlanden." 1816. artt. 3, 16, 31, 49 en 84. Bijlage I. J.C.A. v.Loon: Het Algemeen Reglement van 1816. Wageningen 1942. p.p. 223 e.v.

19). H. Kuyper en Biesterveld: Kerklijk Handboekje. p.Xl.

20). A. Kuyper: Tractaat. p.52.

die een vergaderplek, moet 'n ander gevorm word. Die regeermag berus dan by die lede van die kongregasie self. Die gelowiges oordeel en beslis in alle sake self.[21] Elke kongregasie is outonoom; dit beslis in alle sake en die ouderlinge het alleen 'n lerende funksie. Die kerk is die liggaam van Christus en kom tot openbaring in die kongregasie. „Cor ecclesiae is ook hun de uitverkiezing, norma ecclesiae alleen het Woord van God...."[22] Die verskillende kongregasies kan met ander konferensies hou, maar die konferensie mag nie aan die outonomie van elke kongregasie afbreuk doen nie.

Waar in dié stelsel die koningskap van Christus nog erken word in die aanvaarding van die Woord van God as „norma ecclesiae," kan sake vir 'n tyd lank goed loop „zoolang het geestelijk leven in de geloovigen... in hoogen toon wordt gehouden, maar moet noodwendig geheel buiten het kerkelijk erf voeren, zoodra dit geestelijk leven verslapt en inzinkt;......."[23] Die stelsel ontaard dan ook by so 'n insinking ongemerk in die kollegialisme.[24]

Net soos by Sohm word in die stelsel gepoog om die koningskap van Christus in die kerkregering te vrywaar teen menslike indringing, maar die wyse waarop dit gedoen word, loop juis uit op die verdringing van Christus as Koning.

---

21). Vgl. ibid. p.50.

22). ibid. p.49.

23). ibid. p.51.

24). Vgl. ibid. p.51. en H.H. Kuyper: College-dictaat. 1935-36.

(d) Die Lutherse of Territoriale stelsel:

Dieselfde geld van die Lutherse of Territoriale kerkregeringstelsel. Luther se hele denke en optrede is soteriologies georiënteerd en daarom aksentueer hy uiteindelik die onsigbaar-geestelike sy van die kerk ten koste van die sigbaar-institutêre sy, en offer ook hy die goddelike reg in die kerk op aan die praktyk.[25] Vir hom is die hoofsaak dat die gekwelde, strydende gelowige deur die prediking tot volle heilsekerheid kom.[26] Daar moet dus niks in die weg gelê word wat die verkondiging van die evangelie kan hinder nie. As die predikamp maar kan funksioneer, het hy nie veel erg in verdere reëlings met betrekking tot die kerkregering nie: „Hy is al dankbaar, wanneer ergens het predikambt met de bediening van Woord en sacramenten hersteld is."[27]

Hierdie eensydigheid by Luther, gepaard met 'n gebrek aan organisatoriese talent,[28] het as gevolg dat hy die selfstandigheid van die kerk vir 'n groot deel prysgee aan die landelike owerhede. Vandaar dat die Lutherse kerkregeringstelsel die territoriale genoem word.

In die ontwikkeling van die stelsel het Luther se volgelinge wat vir hom onverskillig was, tot

---

25). Vgl. A.D.R. Polman: a.w. IV. p.p. 10 e.v. Veral p.13. „Hij geeft tenslotte - als een noodmaatregel, die helaas gewoonteregel werd - de zelfstandigheid der kerk goeddeels prijs en laat aan de landelijke overheden het regiment over de kerk over."

26). Vgl. A.D.R. Polman: a.w. III. p.p. 238 e.v.

27). A.D.R. Polman: a.w. IV. p.13.

28). Vgl. ibid. p.13.

'n beginsel verhef. Christus het volgens hulle die kerkregering in die hande van die vors van die land gegee.[29] Die vors van die land is ook soewerein oor die kerk. Hy laat hom deur niks bind nie, ook nie deur voorgangers nie. Vandaar die stelreël: Cuius regio eius religio. Die vors dra dan kragtens sy bevoegdheid die regering van die kerk vir 'n groot deel op aan enkele predikante van die hoofstad. Hulle vorm 'n konsistorie wat die wil van die landsowerheid uitvoer.[30]

(e) Die Erastianisme:

Nou verwant aan die territoriale stelsel is die van Thomas Erastus. Hy gaan egter verder en ontken alle kerklike gesag. Waar die predikamp vir die Lutherane nog deel het aan die kerkregering in die Woordbediening, wat aanwending van die sleutelmag is, dien die prediking vir Erastus alleen tot raadgewing en die tug kan niks meer as waarskuwing wees nie. Die gesag oor die kerk kom geheel en al aan die owerheid toe. Die owerheid kan hom wel laat voorlig deur kerklike persone en vergaderings, „maar de kerkregeering wordt door de overheid uitgeoefend....."[31]

(f) Die Episkopaalse stelsel:

Waar die independente en die Lutherane ter wille van die behoud van Christus as die enigste Regeerder van sy kerk in 'n uiterste verval het waardeur Christus tog as Koning verdring is deur die

---

29). Vgl. A. Kuyper: Tractaat. p.46.

30). Vgl. R. Sohm: a.w. I. p.615.

31). M. Bouwman: Voetius over het gezag der Synoden. Amsterdam. 1937. p.12.

ooraksentuering van die onsigbare sy van die kerk, word deur die aanhangers van die episkopaalse stelsel weer na die ander uiterste gesondig. Die stelsel is die vrug van die ooraksentuering van die sigbare kerk as instituut. Die Rooms-Katolieke Kerk is die mees konsekwente eksponent van hierdie stelsel, terwyl ook die Anglikaanse Kerk van Engeland die stelsel toepas[32] in 'n gewysigde vorm.[33] Kenmerk van hierdie stelsel is dat Christus sy gesag as Koning van die kerk oordra aan die Pous, die Biskop van Rome. Christus word in die kerk op aarde vervang deur die Pous as Sy stadhouer, wat die opvolger van Petrus is. Die Pous is die hoof van die kerk en die priesters in dalende rangorde onder hom is sy gevolmagtigdes, draers van sy mag in die mate wat hy dit aan hulle oorgegee het. Die hiërargie is die eintlike kerk, die enigste, alleen Christelike, katolieke, deur reëlmatige suksessie van die apostels afstammende, onverganklike en onfeilbare kerk.[34] Die wese van die kerk is so in die sigbare instituut, deur die persoonlike gesagsoordrag van Christus aan Petrus en sy opvolgers, geleë. Waar die pous is, daar is die kerk en waar die kerk is, daar is Christus. Die sigbaar-geïnstitueerde kerk is Christus.[35] Die gelowiges tel nie mee in die bepaling van wat die kerk wesenlik is nie. Hulle enigste taak is om te luister en te gehoorsaam as die hiërargie spreek.

---

32). Vgl. Prof. J.P. Jooste; a.w. p.l.

33). Vgl. M. Bouwman: a.w. p.12.

34). Vgl. H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek IV. (1911) p.307.

35). Vgl. G.C. Berkouwer: Conflict met Rome. p.28.

Daarom word in die stelsel onderskei tussen die ecclesia audiens, wat nie die wese van die kerk uitmaak nie, en die ecclesia docens, die hiërargie, wat die wesenlike kerk is.[36] Wanneer die kerk, dit is die pous, beslis, is dit onherroepelik. Hy regeer as plaasvervanger van Christus en is die absolute heerser oor die kerk. Hy is ook nie gebonde aan die Woord van God nie. In sekere sin staan hy selfs bo die Woord, want Christus leef op aarde in die ecclesia docens voort. As hy spreek ex Cathedra Petri is hy onfeilbaar.[37]

(g) <u>Die presbiteriale stelsel</u>:

In die voorafgaande stelsels van kerkregering word die koningskap van Christus òf direk ontken, òf deur die wyse waarop gepoog word om dit te verwerklik, verdring. En eerste vereiste, kragtens die wese van die kerk, vir 'n kerkregeringstelsel is die onverswakte handhawing van die koningskap van Christus. Hy alleen is Koning van sy kerk en alhoewel Hy van die diens van mense gebruik maak, neem hulle nie sy plek in nie. Hulle is alleen sy instrumente.[38] Die monargale element, waarvolgens Christus as Koning self regeer, moet dus die grondslag bly in die regering van die kerk. Hierdie grondslag bly behoue in die kerkregering deur die ampsdraers wat bedienaars van Sy woord is, soos Hyself en Sy apostels dit verorden het. „In het

---

36). Vgl. H. Bavinck: a.w. IV. (1911) p.306.

37). Vgl. ibid. p.389.

38). Vgl. Prof. J.P. Jooste: a.w. p.p. 3 en 4.

zichtbare is zijne regeering niet democratisch noch monarchaal noch oligargisch, maar aristocratisch - presbyteraal. Het zijn de aristoi, de besten, niet in geld en goed, doch in geestelijke gaven, die Hij-zelf bekwaamt en door de gemeente voor zijnen dienst aanwijzen laat."[39)]

Wanneer dan in die vervolg gehandel word oor die wyse waarop die kerk geregeer word, moet dit altyd teen die agtergrond van die Koningskap van Christus gesien word. Dit is die grondliggende beginsel waarmee in die kerkregering rekening gehou moet word. Christus alleen heers in sy kerk. Alle menslike heerskappy moet as tirannie geweer word. Alle outoriteit, alle gesag in die ecclesia gaan op Christus terug.[40)]

(i) <u>Die plaaslike kerk uitgangspunt in die verwerkliking van die koningskap van Christus</u>:

Die uitgangspunt vir die verwerkliking van die koningskap van Christus word gevind in die plaaslike kerk „wat beskou word as die selfstandige sigbare openbaring van die liggaam van Christus. Hierdie uitgangspunt vind sy grond in die H. Skrif en veral in die N.T. waar die woord kerk as plaaslike gemeente 91 maal voorkom."[41)] Die Heilige Skrif spreek veral van die kerk as 'n „diesseitige" begrip; 'n gemeenskap van bepaalde persone op 'n bepaalde plek.[42)] En waar dit

---

39). H. Bavinck: a.w. IV. (1911) p.424.

40). Vgl. A.J. Bronkhorst: a.w. p.206.

41). Prof. J.P. Jooste: a.w. p.2; vgl. ook Prof. W.J. Snyman: Die gebruik van die woord „Kerk" in die Nuwe Testament. p.2. H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht. II. p.100.

42). Vgl. H. Bavinck: a.w. IV. (1911) p.322.

as sodanig moeder van die gelowiges is,[43] is dit middel waardeur Christus die weldade van die Godsryk uitdeel en die voltooiing daarvan voorberei.[44] Daarom rig Hy die kerk op elke plek in met ampte en bedieninge. Die onsigbare, universele kerk as liggaam van Christus word stuksgewys op elke plek sigbaar as 'n nadere organisasie daarvan en daarom is die plaaslike kerke ook gelyksoortige dele van die universele kerk.[45] „Dat onder deze algemene kerk de kerken afzonderlijk, die over de steden en dorpen naar de eis der menselijke noodzakelijkheid verdeeld zijn zoo vervat zijn, dat ieder van haar met recht de naam en het gezag der kerk bezit;....."[46] Die plaaslike kerk is die primêre openbaring van die kerk van Christus.[47] Dit kom tot openbaring deur die diens van die Woord en word vergader en onderhou deur die Gees en Woord.[48] In dié lig beskou is die kerk „eenvoudig een Instituut voor den Dienst des Woords."[49]

(ii) <u>Die taak van die ampsdraers in die verwerkliking van die Koningskap van Christus</u>:

Die bediening van die Woord dra Hy op aan die ampsdraers. En deur hulle dienswerk verwerklik

---

43). Vgl. Calvyn: Institusie: IV. 1.4. p.10.

44). Vgl. H. Bavinck: a.w. IV. (1911). p.322.

45). Vgl. W.J. Snyman: a.w. p.14; A. Kuyper: Tractaat. p.7.

46). Calvyn: a.w. IV. 1.9. p.13.

47). Vgl. A. Kuyper: a.w. p.34; H. Bavinck: a.w. IV. (1911). p.408.

48). Vgl. H. Kategismus. Sondag XXI.

49). A. Kuyper: E Voto Dordraceno. II. p.134.

Hy sy Koningskap in die kerk. Hy roep, deur die verkondiging van die Woord, uit hierdie wêreld dié wat die Vader aan Hom gegee het tot gemeenskap met Hom en tot gemeenskap met mekaar. Hy stel daardeur as eerste eis vir die lidmaatskap aan die kerk die belydenis van die geloof in Hom en die doop tot vergewing van sondes.[50] Hy eis ook dat dié wat so as kerk vergader is, nie moet „bly by die begin van die prediking van Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan......."[51] en in die geloof moet volhard.[52] Daarby moet die belydenis van en die volharding in die geloof gepaard gaan met 'n heilige lewenswandel.[53]. Die lede van die kerk moet „die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig"[54] verkondig. Wie nie glo en in die geloof volhard, terwyl daar nie vrugte van die geloof tot openbaring kom nie, het geen deel aan Christus of aan sy kerk nie.[55] Deur die instelling van die ampte en bedieninge het Christus gesorg dat die burgers van sy ryk nie aan hulle self oorgelaat is nie, maar so regeer word as kerk in Sy Naam, dat hulle hul roeping kan vervul. Christus se sorgende liefde vir dié wat aan Hom behoort, word uitgedruk in die dienswerk van die ampsdraers.

---

50). Vgl. o.a. Matt. 16:16; Hand. 2:36-38.

51). Hebr. 6:1.

52). Vgl. Hebr. 6:4-6; II Tim. 3:14, 15.

53). Vgl. II Kor. 6:14 v.v.

54). 1 Petr. 2:9(b). Vgl. ook Matt. 5:13-16.

55). Vgl. Jakobus 2:14 v.v.

In die diens van die Woord het Christus die regering van sy kerk aan die ampsdraers toevertrou. Hulle moet die reëls neerlê, wat Christus in Sy Woord gegee het, vir die lidmaatskap aan en die gedrag in die kerk. Die inrigting van die kerk met sy ampte, waaraan die prediking van die Woord en die bediening van die sakramente verbonde is, sowel as die eis dat die ampsdraers moet toesien dat die gelowiges ooreenkomstig hulle belydenis moet lewe, is reeds deur Christus en die apostels vasgestel. Daarom is die taak van die ampsdraers in die regering van die kerk allereers beperk tot die naspeuring en vasstelling van die bepalinge wat deur Christus en die apostels vir die bestaan en inrigting van die kerk gegee is en tweedens om reëls neer te lê vir die ordelike nakoming van die bepalinge van die Koning. Dit geskied in die vasstelling van die belydenis en kerkorde. In die ordebepalinge is die ampsdraers dan nie, soos in die geval van die gewetebindende bepalinge deur Christus neergelê vir die belydenisvorming, altyd gebind aan direkte uitsprake van Christus of die apostels nie. Hy het die hoofbeginsels vir die inrigting van Sy kerk, wat gewetebindend is, neergelê, maar laat dit aan die ampsdraers oor om die reëls tot toepassing van wat Hy bepaal het, na die behoefte van die tyd en omstandighede uit die Heilige Skrif af te lei en nader te formuleer.[56] Christus eis byvoorbeeld dat die Woord en sakramente amptelik bedien moet word deur dié wat daartoe geroep is. Dit is egter in die vryheid gelaat om in die lig van enkele nadere aanwysinge in die Skrif, die bediening van die Woord en sakramente, sowel as die roeping van die dienaars van die Woord ordelik te reël. Alles moet in die kerk „ordelik en welvoeglik" toegaan. Die reëlinge

---

56). Vgl. H. Bouwman: a.w. I. p.324; H. Bavinck: a.w. IV. (1911). p.404.

mag nie met die Woord van God stry nie, maar hoef tog ook nie net uit die Woord geneem te word nie. Die stelling van Praamsma dat die kerkorde „is geen Schriftgegeven, maar een historisch gegeven,"[57] kan dan onderskryf word, met die voorbehoud dat die historie wel meespreek in die nadere uitwerking van die Skrifgegewens.

Die ampsdraers kan in die regering van die kerk alleen die gewetens bind in die kerkorde deur dit wat Christus direk beveel het. Die ander reëlinge wat hulle maak, moet egter net dien tot betere nalewing van wat Hy beveel het. „Het doel van de Kerkenordening is, om goede orde in de gemeente van Christus te onderhouden."[58] Die hoogste gesag bly by Christus berus. Die ampsdraers gee net wat Hy beveel deur, en reël die praktiese toepassing van wat Hy beveel vir die gedrag in die kerk nader. Daarom moet die ampsdraers in die vasstelling van die reëls vir die kerklike samelewing, soos vervat in die Kerkorde, hulle alleen beperk tot wat noodsaaklik is vir die inrigting van die kerk as instituut vir die bediening van die Woord en sakramente en die tug wat daarby hoort, om te dien tot opbouing en bewaring daarvan as liggaam van Christus. So sorg Christus deur sy ampsdraers dat die gelowiges hulle as burgers van die Koninkryk van die hemele in belydenis en wandel kan gedra.

Al regeer Christus sy kerk deur die ampsdraers, is dit uit hulle taak duidelik dat hier geen

---

57). L. Praamsma: Kerkordening en Geschiedenis. Kok Kampen. 1946. p.3; Vgl. Joh. Jansen: De Kerkordening van de Gereformeerde Kerken. Deel I. 1917. p.43.

58). L. Praamsma: a.w. p.8.

sprake is van 'n oordrag van gesag aan mense om heerskappy te voer nie. „Als dienaren van Christus zijn zij steeds Verbi divini ministri, dienaren van het goddelijk Woord."[59] As hulle die reëls vir die gedrag van die kerk neerlê en dit toepas in die kerklike inrigting en handhaaf deur die toepassing van die tug, het hulle alleen gesag as hulle daarin die Woord van God laat spreek. Dan is dit geen menslike gesag wat hulle uitoefen deur dwang of geweld nie, want met hulle diens van die Woord gaan die werking van die Heilige Gees gepaard.[60] As Christus die sleutelmag aan die apostels gee, skenk Hy aan hulle die Heilige Gees om hulle te bekwaam in hulle amp, maar tegelyk is dit ook 'n versekering dat die Woord nie deur hulle tevergeefs gespreek sal word nie. Deur die werking van die Heilige Gees gaan die Woord uit om te doen wat Hom behaag.[61]

***********

Samevattend kan kerkregering dus nou ook omskryf word as die diens van die Woord, deur die ampsdraers van die plaaslike kerk, in die vorming van die reëls vir die gedrag in die kerklike samelewing, die toepassing daarvan in die kerklike inrigting en die handhawing daarvan deur die uitoefening van die tug.

---

59). A.J. Bronkhorst: a.w. p.222. Vgl. Calvyn: a.w. IV. VIII. 5, 9. p.p. 166-172; S. Greydanus: Schriftbeginselen van Kerkrecht inzake meerdere vergaderingen. Enschede. s.j. p.3.

60). Vgl. H. Kategismus: Sondag XXI; Calvyn: a.w. IV. VIII. 8. p.170. „Want op deze beperking moet men nauwkeurig letten, dat Christus aan de Heilige Geest de taak toeschrijft om hen in te geven al wat Hy hun tevoren met zijn mond geleerd heeft."

61). Vgl. Hand. 2:47; met Joh. 3:3-6 en II Kor. 2:14-1 . Vgl. ook A.J. Bronkhorst: a.w. p.235.

Met ander woorde: deur die diens van die Woord oefen die ampsdraers, as gesante van Christus, 'n wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag uit.

(iii) <u>Die handhawing van die reg</u>:

Die formele regering van die kerk doen dan geen afbreuk aan die heerskappy van Christus, deur Sy Gees en Woord nie. Dit is intendeel die middel waardeur die heerskappy van Christus verseker word. Onderwerping aan die ampsdraers is dan ook onderwerping aan Christus, wie se Woord hulle bring.

In die handhawing van die reg in die kerk kan die regeerders ook nie gebruik maak van dwangmiddels, soos Sohm as noodwendig beskou as daar 'n formele kerkreg is, nie. Die wese van die reg sluit nie dwang in nie. „Zum Begriff des Rechts gehört der zwang aber nicht."[62] As daar nie sonde was nie, sou daar ook geen dwang nodig gewees het om die reg op aarde te handhaaf nie. Dwang as kenmerk van die staatlike reg is die gevolg van die sonde. Die kerkreg is egter nie dwingend van aard in die sin wat die staatlike reg dit in hierdie bedeling is nie. Die ampsdraers het geen uiterlike dwangmiddel tot hulle beskikking om die kerkreg te handhaaf nie. Dit is tewens ook nie nodig nie. Die kerk is die gemeenskap van die gelowiges, wat juis tot dié gemeenskap gevorm is deur die drang wat die Heilige Gees in hulle harte gelê het om na die gebooie van Christus te lewe. Uitgangspunt in die handhawing van die kerkreg is so hierdie drang van gelowige om hom

---

62). O. Linton: a.w. p.61. Vgl. F.L. Rutgers: Het Kerkrecht. p.p. 22/3.

in die huis van God te gedra soos Hy dit eis. Dwang is nie nodig om die reg waarna uit liefde tot God gesmag en wat nagekom word, te handhaaf nie. Die reg word erken en gehandhaaf „doordat ieder er gewillig voor buigt."[63)]

Waar verhardende verset is teen die reëls vir die gedrag in die kerklike samelewing, kom dit neer op 'n verset teen die Woord van God en is dit eintlik 'n weiering van onderwerping aan die regering van Christus en 'n betoning van vyandskap teen Hom. Dan tree die ampsdraers wel met tug op, maar ook dit is nie 'n gebruik van dwang nie. Deur vermaning, teregwysing, en bestraffing word aan die ongehoorsames die eise voorgehou wat Christus stel aan dié wat lede van sy liggaam is, en dat elkeen wat waarlik lid van die kerk is, hom daarna uit liefde moet gedra, of altans 'n gedurige stryd moet voer om hom daarna te gedra.[64)] „'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie.[65)]

Wanneer daar 'n verharding in die sonde blyk, ten spyte van vermaninge, word so 'n lid, wat homself as 'n slegte boom bewys, van die kerk afgesny. Ook die afsnyding is nog geen dwangmiddel of regterlike straf in die sin van straf deur 'n wêreldlike regter nie. Die afsnyding is niks anders nie as 'n openlike verklaring deur die ampsdraers, in die naam van Christus,

---

63). F.L. Rutgers: Het Kerkrecht. p.25.

64). Vgl. Lukas 13:23 en 24.

65). Matt. 7:18.

dat die afgesnedene deur sy gedrag getoon het dat hy nie deur 'n ware geloof lid van Christus en van sy kerk is nie, maar eintlik 'n indringer. „Het is eigenlijk de verklaring, dat de wederspannige, omdat en zoolang hij in zijne afwijking volhardt, daardoor toont in den kerk niet te huis te behooren. De verbreking der gemeenschap geschiedt wezenlijk door den overtreder zelven; alleenlijk, hij wil dat niet zien en erkennen; en het is dan de kerk, die het uitspreekt en tot werkelijkheid maakt; waarbij zij dan voorts de vergelding of straf geheel overlaat aan haar Koning. Op die wijze wordt er ook voldoen aan het recht dat moet heerschen."[66)]

(iv) <u>Die mag in die kerk</u>:

In die kerkregering word gesag uitgeoefen in die kerk. Die regeerders beskik oor mag om die reg te vorm, toe te pas en te handhaaf. Dit is 'n algemeen-erkende waarheid dat in elke samelewingsverband diegene is wat oor die mag daarin beskik en dus met gesag optree.[67)] Die mag waaroor die kerkregeerders beskik, is egter anders as dié in die ander samelewingsverbande. „Maar deze macht welke Christus aan zijn gemeente verleent, draagt een bijzonder karakter."[68)] Dit is 'n geestelike mag. „Het woord „geestelijk" (apiritualis) staat hier tegenover „burgerlijk" (civilis), en duidt derhalve aan, dat zij in oorsprong, orgaan, aard en

---

66). F.L. Rutgers: a.w. p.25; Vgl. H. Bavinck: Dit is 'n plegtige verklaring „in Jezus' naam, dat de zondaar openbaar is geworden als niet zijnde een oprecht broeder in Christus....." a.w. IV. (1911). p.467.

67). Vgl. H. Bavinck: a.w. IV. (1911). p.450.

68). ibid. p.428.

bedoeling van de politieke macht onderscheiden is."[70] Die wapens waarmee in die kerkregering gestry word, is nie vleeslik nie, maar geestelik; „kragtig deur God om vestings neer te werp."[71]

Alle mag in die kerk berus by Christus. Hy oefen sy gesag wel regstreeks deur sy Gees en Woord uit, maar bedien Hom tog ook van mense in die uitoefening daarvan. Die ampsdraers is niks anders as instrumente waardeur Christus sy mag laat geld in die kerk nie.[72] Die mag word egter nie aan die persone wat die gesag uitoefen verbind nie, maar aan die diens waarin hulle gestel is; dit is aan die Woord wat deur hulle bedien word.[73] Die ampsdraers het alleen mag en kan gesag uitoefen, vir sover hulle in die Naam van die Here en deur Sy woord optree. „Dus is de macht der kerk niet onbegrensd, maar onderworpen aan Gods Woord, en daarin als het ware ingesloten."[74] Die gesag wat mense uitoefen in die kerk is dus altyd bedienend van aard en net op las van die Koning van die kerk. Dit dra 'n besondere karakter en is te onderskei van alle ander gesag wat op aarde uitgeoefen word. Met betrekking tot

---

70). Joh. Jansen: De Kerkelijke Tucht. p.131. Vgl. R. Sohm: a.w. I. p.464.

71). II Kor. 10:4.

72). Vgl. J.D. du Toit: Die amp van die ouderlinge en Diakens: Hôverker en Wormser. Uit Nederlands vertaal in die Versamelde Werke van J.D. du Toit. Deel VI. Dagbreek-boekhandel. 1961. p.433.

73). Vgl. Calvyn: a.w. IV. VIII. 2. p.164. D. Jacobs: De Verhouding tusschen de Plaatselijke en de Algemeene Kerk in de eerste drie eeuwen. Leiden. 1927. p.20.

74). Calvyn: a.w. IV. VIII. 4. p.166.

Christus, aan wie die hoogste gesag toekom, is die gesag wat deur mensediens in die kerk uitgeoefen word, 'n mindere en laere gesag.[75)]

Die ampsdraers oefen die gesag uit, maar die vraag is by wie die mag van Christus berus in die kerk. Herman Ridderbos sê hiervan: „Het Nieuwe Testament gaat agter dit alles terug en wijst als eerste en principiële gezagsdraagster van Christus de gemeente zelf aan."[76)] Die mag in die kerk berus dus wesenlik by die kerk self, dit is by die vergadering van gelowiges.[77)] Hulle oefen egter nie self die gesag uit nie, maar doen dit deur die aangestelde dienaars, die ampsdraers. Op grond van Matt. 16 en 18 en 1 Kor. 5, konkludeer Herman Ridderbos: „Hetgeen de apostelen aan macht en gezag bekleden is de macht en het gezag, die ten principale aan de gemeente zélf toekomen. Zij oefenen datgene uit, wat aan de gemeente als volk van God en Lichaam van Christus gegeven is."[78)] Die mag berus by die vergadering van gelowiges as die principium quod, maar die uitoefening van die gesag kom aan die ampsdraers as die principium quo toe.[79)] Die

---

75). Voetius: Politica Ecclesiastica Pars I. Liber Primus. Tractatus II. Cp. 1.4. Ed. F.L. Rutgers. p.105.

76). Herman Ridderbos: Gereformeerd Weekblad. 15de Jaargang. nr. 34. 19 Febr. 1960. p.266.

77). Vgl. Voetius: a.w. p.101. Pars. 1 Lib. I. Tract II. Cp. 1.2; A. Kuyper: Tractaat. p.43; J. De Jong: Verklaring van de Kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrecht van 1618-1619. College Voordrachten van Prof. Dr. F.L. Rutgers. Over Gereformeerd Kerkrecht. IV. Rotterdam 1918. p.39; H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht. II. p.101.

78). H. Ridderbos: t.a.p. p.266.

79). Vgl. Voetius: a.w. p.103. Ed. Rutgers; M. Bouwman: Voetius over het gezag der Synoden. p.63; A. Kuyper: a.w. p.43.

ampsdraers is die organe waardeur die gemeente die gesag uitoefen. Die gereformeerdes „stelden de verhouding van den kerkeraad tot de gemeente als die van organen tot het lichaam. De macht om te loopen, te zien etc. is aan het lichaam gegeven, maar voor iedere functie bestaan er organen. Niet de voet is het orgaan dat zien moet! Zoo ook zijn de opzieners de organen, door welke de gemeente handelt."[80)]

Dat die ampsdraers die organe van die kerk in die uitoefening van die gesag is, moet egter nie so opgevat word asof „de vergadering der gelovigen de gezagsopdracht van den Koning ontving, om nu op haar beurt dit gezag op die dienaren over te brengen. Neen, èn de geloovigen èn de dienaren ontvangen beiden hun ambtelijke roeping rechstreeks van den koning. Zoo het ambt der geloovigen als het ambt der dienaren staat volmaakt op èèn lijn. De gemeente staat niet over de dienaren en dienaren staan niet over de gemeente, maar over beiden staat Christus, die beider onderlinge verhouding bepaalt, door beider gezag uitsluitend aan zijn Woord te binden."[81)]

Die beskouing dat die mag by die gemeente berus, hou 'n innerlike teenstrydigheid in. A. Kuyper, F.L. Rutgers en H. Bouwman, wat altyd die oog het op die sinodokratiese kerkinrigting van die Nederlandse Hervormde kerk, is geneig om die gesag van die gemeente so te oorbeklemtoon, dat die gevolgtrekking gemaak kan word dat die kerkregering eintlik by die gemeente berus.

---

80). J. De Jong: a.w. p.39; vgl. Voetius: a.w. Lib. I, Tract. I. Cp. II. Quaest. V. p.27. Ed. Rutgers.

81). A. Kuyper: a.w. p.43.

Immers die kerklike mag is „virtualiter et potentialiter" aan die gemeente opgedra. Hoewel die gemeente nie self beslis nie, is dit tog hulle wat beslis deur die kerkraad as orgaan. „Vaak wordt tot eene totaliteit datgene gezegd, wat door een bestuur moet worden uitgeoefend. Dit geldt ook in dit geval. Die executie moet door den kerkeraad geschieden."[82)]

Prof. Rutgers laat die vraag onwillekeurig opkom of daar wel op prinsipiële gronde met die independente verskil kan word, behalwe daarin dat Christus die ampte, deur die instelling daarvan, as noodsaaklike organe van die gemeente bedoel het. Want hy stel die Skrifgronde vir die noodsaaklikheid van die gesagsuitoefening deur die ampsdraers op een lyn met die praktiese probleme wat die gesagsuitoefening deur die hele gemeente self onmoontlik maak: „Eindelijk voerden de Gereformeerden aan, dat eene gansche gemeente onmogelijk de executie van de kerkelijke tucht in alle gevallen op zich kan nemen, vooral niet in gemeenten, die talrijk aan leden zijn. Zij wijzen daarbij op die ondervinding bij anderen en Independenten."[83)]

Die beskouing dat die kerklike mag by die gemeente berus, sê H. Bavinck, is slegs ten dele juis.[84)]

Insoverre is dit seker juis dat Christus wel mag aan sy gemeente toevertrou het. Die gelowiges moet afsonderlik en gesamentlik Sy getuies wees. As

---

82). J. de Jong: a.w. p.40.

83). ibid. p.40.

84). H. Bavinck: Gereformeerde Dogmatiek. IV. (1911) p.413.

profete moet hulle Sy Naam bely, as priesters hulle toewy aan die diens van God en as konings teen die duiwel en die sonde stry en oorwin. In die roeping as profeet, priester en koning lê die mag van elke gelowige opgesluit om in hierdie wêreld die beeld van Christus te openbaar, en die wêreld met gesag tot onderwerping aan Christus op te roep. Maar die gelowiges het nie net gesag teenoor die wêreld nie, ook in die kerk. Die een moet onder andere op die ander ag gee, mekaar se laste dra, mekaar bemoedig, vertroos, vermaan en bestraf. Verder het Christus aan hulle die mag gegee om hulleself as kerk te institueer, deur in Sy Naam die ampsdraers aan te wys uit hulle midde.

Dit is egter nie juis om te sê dat hierdie mag wat die gelowiges afsonderlik en gesamentlik besit, die gemeente as sodanig deel gee aan die uitoefening van die kerklike gesag met betrekking tot die regering nie; dat dit eintlik die gemeente is wat homself regeer deur sy organe nie.

Ridderbos wys daarop dat die sleutelmag in Matthēüs 18:17 deur Jesus aan die gemeente gegee word. Verder wys hy op I Kor. 5: „Als Paulus dan ook in zijn brieven aandringt op handhaving van de tucht in de gemeente, wendt hy zich niet tot de ambtsdragers, maar tot de gemeente zelf en hij zegt in I Kor. 5, dat hij in de saamvergadering van zijn geest met de gemeente de boze uit haar midden wil verwijderd zien. De gemeente is dus verantwoordelijk voor haar eigen christelijk bestaan en zij is ook gemachtigd in de Naam des Heren de zondaren in haar midden te bestraffen."[85)]

---

85). H. Ridderbos: Gereformeerd Weekblad. 15de jaargang nr. 34. 18 Febr. 1960. p.267.

Hierteenoor voer onder andere H. Bavinck, wat Matt. 18:17 betref, aan dat Jesus die sleutelmag wel aan die gemeente gegee het, maar Hy gebruik die woord ekklesià nog in heel algemene sin, sonder om melding te maak van die organisasie wat later ingevoer sou word. Sodra die organisasie daar is, berus die sleutelmag by die ampsdraers.[86)]

Wat I Kor. 5 betref, is dit nodig om daarop te let dat Paulus nie hier die gang van die tug aangee nie. Hy sê alleen wat in die vergadering van die gemeente moes gebeur, naamlik dat die sondaar uit die gemeente geban moes word. Die gelowiges kan so iemand onder hulle nie duld nie. As burgers van die Koninkryk van die hemele mag alleen dié erken word wat hulle as sodanig gedra. Is daar volharding in die sonde, moet die gemeente alle bande met so een breek, omdat hy deur volharding toon dat hy nog geen deel aan Christus het nie. En die band met die sondaar kan alleen deurgesny word, nadat die ampsdraers, aan wie Christus die mag verleen het om te oordeel oor die gedrag van die gelowiges, aan die vergaderde gemeente meedeel dat die sondaar verhard blyk te wees, en die gemeente opdra om alle bande met hom te verbreek. Christus het immers die sleutelmag aan die ampsdraers

---

86). Vgl. H. Bavinck: a.w. IV. (1911) p.413; Calvyn: Comm. on a Harmony of the Evangelists Matthew, Mark and Luke. Translated by the Rev. William Pringle. Vol. Second. Edinburgh MDCCCXLV. p.357; op Matt. 18:17, waarin hy saaklik dieselfde standpunt handhaaf. F.W. Grosheide op Matt. 18:17: Die lidwoord Tēi wys op 'n bepaalde kerk waaraan klaer en aangeklaagde behoort. „Practisch betekent ekklesiá hier dan ook (voor later tyd) de ambtsdragers, maar de ambtsdragers, verbonden aan de gemeente, met de gemeente achter zich en met haar rekenend." Het Evangelie volgens Matt. Tweede Herziene vermeerderde druk 1954. p.283.

gegee.[87] Hulle is nie organe van die gemeente in die uitoefening van die gesag nie. Hulle is wel organe van Christus, van Wie hulle die mag ontvang. As Ridderbos spreek oor die verhouding van die amp en die gemeente kom hy, ten spyte van sy vroeër vermelde standpunt, daartoe om die ampsdraers as organe van Christus tot welsyn van die gemeente aan te merk. „En dat in die organische levensgemeenschap de ambten en bedieningen in de gemeente de diens verrichten van gewrichten, pezen en banden, waardoor het lichaam wordt bijeengehouden en zijn toevoer ongehinderd uit het Hoofd ontvangt."[88] „Daarom staan zij als opzieners en verzorgers ook boven de gemeente, zijn hare episkopoi proïstamenoi, hēgoumenoi, zijn voor haren geestelijken welstand verantwoordelijk, en hebben op hare achting en gehoorzaamheid aanspraak. En dit geld niet alleen van de buitengewone, maar ook van de gewone ambten."[89]

Dat die ampsdraers as organe van die gemeente beskou word, is die logiese gevolg van 'n vereenselwiging van die mag, in beginsel altans, wat Christus aan die gelowiges en aan die ampsdraers toevertrou.

As daar egter nie onderskeid gemaak word tussen die mag wat die gelowiges afsonderlik en gesamentlik van Christus ontvang het, en dié wat die ampsdraers

---

87). Vgl. Matt. 16:19; Joh. 21:21-23.

88). H. Ridderbos: Gereformeerd Weekblad. 15de Jaargang nr. 35. p.274.

89). H. Bavinck: a.w. IV. (1911) p.414. Vgl. The Ministers of Christ within the city of London, aangehaal by M. Bouwman: a.w. p.60. „Churchgovernment is a power or authority spirituall, revealed in the holy Scriptures, derived from Jesus Christ Our Mediator, only to his own Officers, and by them exercised in dispensing of the Word, seals, censures, and all other ordinances of Christ, for the edifying of the Church of Christ."

van Hom ontvang het nie, is die regering van die kerk alleen moontlik as die ampsdraers die uitvoerders van die wil van die gemeente is. Of anders gestel, as die mag van die gemeente op een lyn lê met dié van die ampsdraers, ontstaan die situasie dat twee instansies wat met dieselfde mag beklee is, gedurig teenoor mekaar staan en dat dan die een en dan die ander die botoon voer. Meen die gemeente dat die ampsdraers ontrou is, „dan klimt over hen het goddelijk gezag der gemeente."[90] Meen die ampsdraers weer dat die gemeente ontrou is, „dan klimt over haar het goddelijk gezag der dienaren."[91] Op die wyse ontstaan 'n heel eienaardige verhouding tussen die gemeente en ampsdraers, waardeur die kerkregering onmoontlik word.

Voetius maak 'n onderskeiding, wat hy wel nie nader uitwerk nie, maar wat na my mening die weg aanwys om sowel die mag van die ampsdraers as organe van Christus en die mag van die gemeente te handhaaf, elk op eie terrein. Hy maak naamlik 'n onderskeid tussen die ampsdraers as „partes diregentes" en die gemeente as „partes directae."[92] Hou ons hierdie onderskeiding in die oog en ook in gedagte dat die kerk die openbaring van die Koninkryk van die hemele in hierdie wêreld is, en dat die burgers van die Koninkryk 'n besondere roeping het in hierdie wêreld, is dit duidelik dat die mag wat aan die gemeente gegee is en dié wat aan die ampsdraers gegee is, nie op een lyn lê nie. Immers, in hierdie bedeling het die burgers van die Koninkryk van die

---

90). A. Kuyper: a.w. p.44.

91). ibid. p.44.

92). Voetius: a.w. Pars. I. Lib. I. Tr. I. Cp. I.2. p.15. Ed. F.L. Rutgers.

hemele 'n roeping in die wêreld om te vervul. Maar, terwyl die Koninkryk ook nog komende is, is hulle ook geroepe om, ter handhawing van hulle burgerskap teenoor die ryk van die duisternis en tot hulle eie versorging en bewaring deur Christus, hulle op elke plek in een vergadering saam te voeg as kerk en dan ampsdraers aan te wys in die naam van Christus, deur wie Hy hulle wil regeer. In soverre dit dan die kerkregering betref, het die gelowiges geen ander mag nie as om saam te kom en ampsdraers aan te wys en om te beproef of die geeste uit God is of nie. Die regeermag as sodanig, dit wil sê die mag om die reëls vir die gedrag in die kerk neer te lê, die mag om die reëls toe te pas, en die mag om dit te handhaaf, berus by die ampsdraers. Die ampsdraers is dus die regeerders en die gemeentelede diê wat regeer word. Die regeerders het dan nie die regeermag van die gemeente ontvang nie, maar van Christus. Hulle is sy gesante.

Maar dit wil nie sê dat die ampsdraers die mag teenoor onmondiges laat geld nie. Omdat die ampte ingestel is ten behoewe van die gemeente, en Christus deur hulle diens Self in die gemeente kom om Sy gesag uit te oefen, hoor hulle of dit Sy stem, die stem van die Goeie Herder is, wat deur die ampsdraers tot hulle kom, of nie. Dan kan hulle hul met gerustheid aan die gesag van ampsdraers onderwerp. Maar as die ampsdraers ontrou is; kom hulle met 'n ander woord as dié van Christus, dan spreek hulle met 'n ander stem as dié van die Goeie Herder en is nie meer gesante nie. Dan moet die skape wegvlug van die indringers - die gelowiges het dan die mag om hulle van die ontroue ampsdraers af te skei en te sorg dat ander in hulle plek

gestel word.[93] Nooit val die mag van die ampsdraers egter terug op die gemeente nie.

As die ampsdraers ontrou is, kan die gemeente hulle nie eenvoudig uit die amp ontslaan en dan self doen wat die ampsdraers anders moes doen nie. Daar moet dadelik weer ander aangestel word. En dit hoef nie die geval te wees as die ampsdraers organe van die gemeente is nie. Immers, as die organe nie deug nie, moet die gemeente tog by magte wees om self te doen wat die organe in sy plek doen. Die beeld van die oog waarmee die liggaam sien, is seker nie in hierdie verband van pas nie. In die geval van die regering van die kerk is dit Christus wat regeer en Hy gebruik organe waarsonder hy wel kan klaarkom, as Hy wil. Dit is nie die kerk wat homself regeer nie. Die feit dat Christus aan die kerk mag gee om die organe, wat Hy wil gebruik om hulle te regeer, aan te wys in Sy Naam, hou nog nie in dat Hy daardeur ook die mag om te regeer aan die vergaderde gelowiges self gegee het nie.

Deel aan die kerkregering as sodanig het die gemeentelede nie. Gewoonlik word die deelname van die gemeente aan die kerkregering gesien veral in die bekendstellings, soos in die geval van die afsnyding, attestasies ensomeer. Daardeur sou die approbasie van die gemeente gevra word. Maar al is dit so dat die approbasie van die gemeente verkry word, is dit tog nie die doel van die bekendstellings om dit te vra nie. Met die bekendstellings doen die ampsdraers 'n daad van regering. Aan die gemeente word byvoorbeeld gesê dat 'n sekere lidmaat hom nie as gelowige gedra nie en nou

---

93). Vgl. ook Voetius: a.w. Liber I. Tr. II. Cp. 1. 3. p.104. Ed. F.L. Rutgers.

word aan die gemeente voorgehou wat hulle gedrag teenoor hom moet wees. Aan die gemeente word in dié geval van attestasies gesê dat sekere gelowiges van elders hulle by die gemeente gevoeg het en dat hulle hul as broeders en susters moet ontvang. Die approbasie van die gemeente, ook in hierdie gevalle, is dan niks anders as 'n erkenning van die wettige regering deur die ampsdraers nie. As die bekendstellings beskou moet word as 'n medewerking van die gemeente aan die kerkregering deur approbasie, dan is dit 'n groot leemte in die huidige kerklike praktyk waar nie elke besluit van die ampsdraers eers vir approbasie aan die gemeente voorgelê word nie.

Die gemeentelede het egter nie deel aan die kerkregering as sodanig nie. Hulle is die partes directae - die wat regeer word. En as in Mattheüs 18 die gang van die tug aangegee word, is dit opmerklik dat die persoonlike bestraffing van die sondaar deur die veronregte op die voorgrond gestel word. Die gelowiges is behalwe lidmate van die kerk ook burgers van die Koninkryk van die hemele. Hulle het, mede deur die gedragsbepalinge deur die ampsdraers, die nodige kennis oor hoe die een hom jeens die ander moet gedra. En hulle het 'n roeping teenoor mekaar in die nalewing van die eise van Christus. Hulle is nie onmondig nie. Eers as dit blyk dat daar verset teen Christus is, dat die broeder hom opsetlik in sy gedrag jeens 'n ander nie aan Christus se gebooie steur nie, tree die ampsdraers in met hulle mag tot vermaning, bestraffing en afsnyding van die gemeente en uitsluiting uit die Koninkryk van die hemele. Die Woord is aan elke gelowige gegee en die ampte is ingestel om toe te sien dat die Woord

deur die gelowiges in die kerk bewaar word en dat hulle daarna lewe.

Die ampsdraers is die partes dirigentes - die regeerders. Hulle mag is egter nie willekeurig nie. Hulle is organe van Christus. Hulle gesag strek net sover as wat hulle sy opdrag uitvoer, dit is, die Woord bedien. Hulle mag niks anders aan die kerk oplê as wat die Woord eis of daaruit afgelei kan word nie. Die apostel Paulus stel dit skerp, om te toon dat sonder die Woord van God geen ampsdraer gesag kan uitoefen nie. „Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met dié wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees."[94]

Die mag wat die gemeenteleде en die mag wat die ampsdraers van Christus ontvang het, moet dus altyd onderskei word. Dit lê nie op dieselfde vlak nie. Tog mag dit ook weer nie geskei word nie. Bavinck sê tereg van die regering: „Ook kan de macht in het algemeen aan de kerk geschonken heeten, wijl zij tot haar heil en welstand strekt, en dus, indien niet formaliter, dan toch finaliter aan haar is geschoncken."[95] Die ampsdraers regeer die kerk as organe van Christus. Hulle moet sorg dat die gelowiges hulle roeping vervul. „Dat is het principiëel dienend karakter van het ambt. Het gaat om de ontplooiing van het eigen leven der gemeente als het lichaam van Christus."[96] Die ampsdraers is egter nie organe waardeur die gelowiges hulle roeping vervul nie. Die regeermag is so 'n gawe van Christus

---

94). Gal. 1:8.

95). H. Bavinck: a.w. IV. (1911). p.413. (Kursivering van my).

96). H. Ridderbos: Gereformeerd Weekblad. 15de jaargang. nr. 35. p.274.

aan die kerk, verbonde aan die ampsdraers, tot opbouing en bewaring daarvan.

(v) Die Kerkraad:

Die mag wat aan die ampsdraers gegee is, kleef nie aan hulle persone nie, maar wel aan die Woord wat hulle bedien. Daarom is daar gelykheid onder hulle en volg dit noodwendig dat hulle die gesag in die kerk alleen gesamentlik kan uitoefen.

In hoofstuk II is reeds vasgestel dat Christus sy Koningskap in die kerkregering verwerklik deur die presbiters of ouderlinge. In elke plaaslike openbaring van die liggaam van Christus moet daar na die eis van die Heilige Skrif ouderlinge wees. Dit is dan ook opmerklik dat die Skrif in die reël van die ouderlinge in die meervoud spreek.[97] Christus het die regering van die kerk nie aan één alleen toevertrou nie, maar aan 'n vergadering van opsieners, wat Sy koninklike wil moet uitvoer. „Aan de mensen kent hij niets anders toe, dan een gemeenschappelijke dienst, en aan ieder afsonderlijk een bijzonder deel."[98] Die ampsdraers in elke plaaslike kerk bly nie los van mekaar staan nie, „maar sluiten zich tot een raad der kerk aaneen."[99]

---

97). Vgl. Hand. 20:28-31; 21:18; 1 Petr. 5:12; Vgl. ook H. Bouwman: a.w. II. p.103.

98). Calvyn: Institusie: IV. VI. 10. p.119. vgl. Ph. J. Hoedemaker: a.w. p.153. „Indien Christus opzieners (in het meervoud) aan zijne Kerk heeft gegeven, volgt hieruit, noodzakelijkerwijze dat zij hunne macht gemeenschappelijk uitoefenen."

99). H. Bavinc a.w. IV. (1911). p.470.

Uit Handelinge 21:18 blyk dat die ouderlinge te Jerusalem saam 'n kerklike kollege gevorm het, „waar een bijzondere kerkeraadsvergadering word vermeld."[100] En Paulus spreek in 1 Tim. 4:14 van die presbitérion wat Timotheüs die hande opgelê het. Bouma teken by die vers aan: „Het presbitérion is oorspronkelijk het Joodsche Sanhedrin, Luc. 22:66; Hand. 22:5. Hier is de eenige plaats, waar deze Joodsche naam reeds is overgegaan op die prysbyters der Christelijke gemeente, die een soort college vormden onder dien naam."[101] Hoewel daar, net soos vir die instelling van die ouderlingamp, nie 'n presiese opdrag vir die instelling van die kerkraad is nie, tree die feit dat die ouderlinge van die begin af met gemeenskaplike oorleg geregeer het, baie duidelik in die Heilige Skrif na vore. Reeds die apostels tree as kollege op volgens Handelinge 1:14;[102] 6:2.[103] Verder is in Handelinge 15:2 en 22 sprake van 'n vergadering van die apostels en die ouderlinge van Jerusalem, wat beslis oor die noodsaaklikheid van die Mosaïese wetsonderhouding al dan nie. Afgesien van die vraag of ons hier met 'n meerdere vergadering, of 'n vergadering van die kerkraad en die gemeente van Jerusalem, waarby Paulus en Barnabas net teenwoordig

---

100). Ph. J. Huijser: a.w. p.11.

101). C. Bouma: De Brieven van den Apostel Paulus aan Timotheüs en Titus. p.167.

102). Vgl. F.W. Grosheide: De Handelinge der Apostelen I. v. Bottenburg. 1942. p.26; by 1:14: hou toi pántes zecht, dat het in de eerste plaats om de apostelen gaat en wel om de apostelen als College."

103). Vgl. ibid. by 6:2: „hoi dódeka is de staande naam voor het apostelcollege........ Dat we de term hier in Hand. het eerst vinden, is wel om aan te geven, dat naast het gesloten College der apostelen straks een ander komt te staan, dat ook deel heeft aan de leiding der gemeente."

te doen het, is dit duidelik dat die regering nie net by één of by elke ampsdraer afsonderlik berus nie, maar by almal saam as 'n kollege. Die feit dat hier 'n gedragsreël vir die kerk neergelê word deur die vergadering van die apostels met die ouderlinge van 'n plaaslike kerk, het vir die kerkregering normatiewe betekenis juis omdat Paulus kragtens sy apostoliese volmag wel in staat was om alleen in die saak uitspraak te gee. Dat Paulus hom en Barnabas deur die Antiocheense kerk vir die beslissing na die apostels en ouderlinge te Jerusalem laat stuur, toon dat ons hier te doen het met 'n normatiewe aanduiding dat die kerkregering deur die ampsdraers gesamentlik, as kerkraad, waargeneem moet word.[104] Dieselfde geld vir Handelinge 20 waar Paulus die ouderlinge na hom toe roep en aan hulle opdrag gee om die gemeente van God te versorg. Die hele opset van verse 28-32 laat geen ander gedagte toe as dat die regering aan almal saam toevertrou is nie.

Die konklusie dat daar in elke plaaslike kerk 'n kerkraad moet wees as instelling van Christus[105] en dat die kerkregering in die eerste plek by die kerkraad berus,[106] is so duidelik uit die Heilige Skrif.

Dat die kerkregering by die kerkraad berus, vloei ook voort uit die dienende aard van die amp. „Alle ambt in de gemeente van Christus is een diakonia, ministerium, zonder wetgevende, rechtsprekende en uitvoerende macht in zichzelf, maar alleen kunnende bedienen, wat in het Woord van Christus vervat en opge-

---

104). Vgl. F.W. Grosheide: a.w. II. van Bottenburg. 1948. p.20 by Hand. 15:2.

105). Vgl. H. Bouwman: a.w. II. p.103.

106). Vgl. ibid. p.101.

sloten ligt."[107] Wanneer die ampsdraers die kerk regeer, is daar dus gelykheid onder hulle - elkeen is dienaar van Christus terwyl hulle die reëls vir die gedrag van die kerk neerlê, dit uitvoer en handhaaf. Daar moet dus noodwendig ooreenstemming in die vervulling van hulle taak wees. Hulle is immers instrumente van dieselfde Here ten dienste van dieselfde kerk. Daarom kan dit nie anders as dat hulle saam die wil van die Koning vir die kerk naspeur en ooreenkom oor hoe dit uitgevoer en gehandhaaf moet word nie. Dit is dan ook presies wat gebeur met die verkiesing van Matthias as apostel in die plek van Judas,[108] die verkiesing van die sewe;[109] en tydens die vergadering van die apostels en die ouderlinge te Jerusalem.[110] Veral is dit duidelik uit die toespraak van Petrus dat dit in hierdie vergadering gegaan het om die vasstelling van die wil van Christus ten opsigte van die onderhouding van die Mosaïese wet. Nadat die vergadering uit die Woord van God vasgestel het dat dit nie vir „die wat uit die heidene hulle tot God bekeer,"[111] nodig is om hulle te laat besny nie, is verder besluit hoe om dié gedragsreëling in die kerk te laat uitvoer. Daar is naamlik saam met Paulus en Barnabas nog twee, Judas en Silas, gestuur, met 'n brief aan „die broeders uit die heidene in Antiochië en Sirië en Cilicië."[112]

---

107). H. Bavinck: a.w. IV. p.445.

108). Vgl. Hand. 1:15-26.

109). Vgl. Hand. 6:2-6.

110). Vgl. Hand. 15:7-29.

111). Hand. 15:19. vgl. daarby vers 24.

112). Vgl. Hand. 15:22, 23. Aangehaalde gedeelte vers 23 (b).

Uit die aard van die saak moet een uit die vergadering die leiding hê, sodat alles ordelik kan verloop. In die apostelkollege het Petrus die leiding gehad.[113] Huijser beweer dat die Jerusalemse kerkraad onder leiding van Jakobus gestaan het. „De ouderlingen te Jerusalem vormen tezamen een kerkelijk college. Dit blijk uit Hand. 21:18, waar een bijzondere kerkeraadsvergadering wordt vermeld....... Het consistorie vergadert ten huize van Jacobus, bij wie ook de leiding der vergadering berust."[114] In die lig hiervan val die leidende rolle wat Petrus en Jakobus in die vergadering te Jerusalem vervul, op. „Toe daar 'n groot woordewisseling plaasvind, het Petrus opgestaan....",[115] terwyl Jakobus, na die verdere verduideliking van Paulus en Barnabas, die woord neem.[116] Hulle gee leiding aan die vergadering in watter rigting beslis moet word.

Dat een uit die kerkraad die leiding het, beteken nie dat hy bokant die ander staan asof hulle sy ondergeskiktes is nie. Petrus spreek in sy eerste brief van homself as 'n mede-ouderling van die ouderlinge wat hy vermaan[117] en in Handelinge word sy optrede of

---

113). Vgl. Hand. 1:15; 2:14.

114). Ph. J. Huijser: a.w. p.11. vgl. ook p.14, waar hy uit III Johannes: 9 v.v. 'n voorbeeld van 'n ontaarde leiding of voorsitterskap van die kerkraad sien by Diotrefes. Vgl. F.W. Grosheide: a.w. II. p.263; by Hand. 21:18: Vgl. ook Openb. 2:1.

115). Hand. 15:7.

116). Hand. 15:13

117). 1 Petr. 5:1.

dié van Jakobus nêrens geteken as die van heersers oor die medebroeders nie.[118] Die verhouding tussen hom wat die leiding in die kerkraad het en die ander lede kan aangedui word as dié van die „eerste onder die gelykes."[119]

In die vorige hoofstuk is aangetoon dat die kerkregering by die twee soorte ouderlinge, die predikante en ouderlinge, berus. Die kerkraad bestaan dus uit ouderlinge en predikante. Nou is dit opmerklik dat die Vaders ná die Reformasie al dadelik in die kerkordes bepaal het dat die leiding in die kerkraad aan die predikante toekom. So word in die Kerkorde van die Gereformeerde kerk in S.A. op voetspoor van Dordrecht 1618/19, in artikel 37 bepaal: „In alle Kerke moet 'n Kerkraad wees wat bestaan uit Dienaars van die Woord en die Ouderlinge wat, ........ in die reël elke week eenmaal moet saamkom, waaroor die Dienaar van die Woord (of Dienaars as daar meer is om die beurt) moet presideer en die werksaamhede bestuur." Hierdie bepaling vloei vanselfsprekend voort uit die aard van die predikantsamp. Waar die verkondiging van die Woord, waaraan 'n besondere studie verbonde is, aan die amp opgedra is, is die leiding vanself daaraan verbonde. In die naspeuring van die wil van die Koning van die kerk is die lede van die kerkraad vanself aangewys op die leiding van die

---

118). Op die hele kwessie van die primaat van Petrus gaan ons hier nie in nie, en verwys net na Bavinck: a.w. IV. (1911) p.p. 394 e.v.; Calvyn: Institusie: IV. VI. 3, 7; p.p. 111-117; A.J. Bronkhorst: a.w. p.p. 32-46; F.W. Grosheide: Het Heilige Evangelie volgens Matthēüs. Kok Kampen. 1954. by Matt. 16:16. p.254.

119). Vgl. J.D. du Toit: a.w. p.397; A.J. Bronkhorst: a.w. p.p. 70-73.

predikant in die vertolking van die Woord van God. Daarom vereis èn die aard van die amp van die predikant èn die goeie orde dat hy voorsitter van die kerkraad sal wees.

(vi) Die plek van die diakens in die Kerkraad:

Die resultaat van die ondersoek na die verwerkliking van die Koningskap van Christus in die kerk as instituut is tot dusver dat Hy sy kerk deur die presbiters, die ouderlinge en predikante, saamgevoeg in die kerkraad, regeer. Maar art. XXX van die Nederlandse Geloofsbelydenis lui: „Ons glo dat hierdie ware Kerk geregeer moet word volgens die geestelike bestuurswyse wat onse Here ons geleer het in sy Woord, naamlik dat daar dienaars of herders moet wees om die Woord van God te preek en die sakramente te bedien; ook opsieners en diakens, om saam met die herders as die Raad van die Kerk te wees....." Dit laat die vraag ontstaan of die diakens wel 'n plek het in die kerkraad as regeerliggaam, en indien wel, watter plek neem hulle in.

Bavinck sê: „Van uit den hemel regeert Hij Zijne gemeente op aarde door zijn Woord en zijn Geest, door zijne profetische, priesterlijke en koninklijke werkzaamheid. Deze drie ambten zet Hij op aarde voort, niet uitsluitend maar toch ook door middel van de ambten, die Hij ingesteld heeft."[120] Die regering berus dus hiervolgens by al drie ampte en nie net by die presbiters nie; die diakens hoort by die kerkraad.

As Bavinck dit egter later het oor die mag van die kerk, spreek hy van 'n drierlei mag wat Christus aan sy kerk gegee het in verband met Sy drievoudige amp,

---

120). H. Bavinck: a.w. IV. (1911). p.424.

naamlik „de potestas docendi, de potestas gubernans (waarvan de potestas disciplina een onderdeel is), en de potestas of liever het ministerium misercordiae."[121] Wanneer hy hierdie drieërlei mag nader uiteensit, maak hy 'n onderskeiding tussen regering in engere en ruimere sin. In die ruimer sin besit elke gelowige die potestas gubernationis. „In ruimer zin is daaronder al de leiding en zorg te verstaan, welke de geloovigen saam ten opzichte van elkander uitoefenen."[122] In enger sin is dit egter die presbiteraat wat regeer. Hierdie regering dra 'n geestelike karakter, wat in die Skrif 'n poimainein genoem word. Dan gaan hy voort om blykbaar ook die regering, wat 'n poimainein is, in 'n ruimer en enger sin te onderskei. Hy sê: „In ruimere zin omvat dit poimainein ook het werk van den leeraar, maar er is toch een groot onderscheid tusschen de openbare verkondiging en de perzoonlijke, individuele toepassing des woords, tusschen het hoeden der kudde in het algemeen en het verzorgen van elk der schapen in het bijzonder."[123] Ook die leeraars staan onder toesig van die ouderlinge, terwyl die kerklike tug in besonder tot hulle werksaamheid behoort.[124] Uit hierdie betoog kan, ten spyte van wat hy voorheen gesê het, afgelei word dat die kerkregering vir hom eintlik net by die ouderlinge berus, met 'n sydelingse hulp van die predikante. Die diakens, deur wie Christus as priester die rykdom van sy barmhartigheid bewys, word in die beskrywing van hulle

---

121). ibid. p.456.

122). ibid: p.460.

123). ibid. p.460.

124). Vgl. ibid. p.p. 461-467.

amp nêrens direk deur Bavinck deel gegee in die kerkregering nie.[125] Tog wil dit voorkom of hy ook hier nogeens 'n onderskeiding van 'n ruimere en engere regering maak, veral waar hy die rigting vir die noodsaaklike ontwikkeling van die diakenamp aandui en dit onder andere as 'n vereiste stel „dat de diakenen met leeraren en ouderlingen tot de meerdere vergaderingen der kerken worden afgevaardigd en in alle zaken, rakende den diens der barmhartigheid, keurstem verkrijgen."[126]

Bavinck handhaaf hiervolgens dus ook dat die diakens nie tot die kerkraad behoort nie.

Dr. A. Kuyper sê „over de vraag of diakenen deel hebben aan de regeering der kerk is lang en veel gestreden."[127] Hy wys daarop dat in die kerklike praktyk die diakens enersyds wel deel het aan die regering en andersyds weer nie. Plaaslik het hulle dit in baie kerke, veral in die kleinere kerke, maar in die groteres, veral in die stede, net wat sekere sake soos die beroeping van 'n predikant, betref. Dan voeg hy by dat hulle sitting behoort te hê op die „plenairen raad." Anderdyds, uit die stellige feit dat die kerke „geen Diaken op de classis of op de Synode hebben toegelaten, blijkt dat het eigenlijke kerkelijke regiment hun door onze kerken niet is toegekent."[128]

Ook hier het ons te doen met 'n dubbelsinnigheid. Die diakens het deel aan die kerkregering en tog ook nie. Hulle is lid van die kerkraad, maar dan net as hulpouderlinge waar te min ouderlinge is of ter behartiging

---

125). Vgl. ibid. p.p. 467/8.

126). ibid. p.469.

127). A. Kuyper: Tractaat. p.66.

128). A. Kuyper: a.w. p.66.

143/........

van sekere algemene sake. Die oplossing van die probleem meen Kuyper te vind in die onderskeiding van 'n breë en smalle kerkraad en 'n afsonderlike diakonale vergadering. Die hantering van die sleutels van die hemelryk hoort by die smalle kerkraad; terwyl die bediening van die tafels deur die diakonale vergadering behartig word. In alle algemene sake egter, waar dit nie gaan om een van die twee nie, berus die beslissing uit beginsel by die volle raad van die kerk, waarin diakens sowel as predikante en ouderlinge sitting het.[129)]

By hierdie opvatting sluit in breër trekke die van H. Bouwman[130)] en G. Voetius,[131)] aan. In eintlike sin hoort die diakens volgens hulle nie by die kerkraad nie, maar tog word vir hulle as hulpouderlinge en in algemene sake plek ingeruim.

Aan die ander kant is Koelman weer beslis in die ontkenning dat die diakens deel het aan die regering van die kerk. Die reël dat diakens as hulp-ouderlinge dien, is beslis in stryd met God se Woord, „dewijl Christus en de apostelen best geweten en voorweten hebben wat meest tot de bezorging van den welstand en de

---

129). Vgl. ibid: p.p. 71 en 21.

130). Vgl. H. Bouwman: Het ambt der diakenen. p.119 en Gereformeerd Kerkrecht. II. p.p. 114-116. J.H. Coetzee sê ten onregte, in „Die Barmhartigheidsdiens van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859 -1949 p.95, dat „Bouwman erken nie 'n breër en enger kerkraad nie," as hy hom op Gereformeerd Kerkrecht II. p.114 beroep.

131). Vgl. Voetius: a.w. Pars. III. Tract. III. Cp. I. p.246.

vrijheid der kerken zouden dienen. Nochtans hebben zij nooit de diakenen eene ouderlingsregering, geheel of ten deele, opgelegd. Indien men eens de vrijheid nemen mag om tegen en buiten der Schrift ambten, bedieningen en daden op te leggen, waar zal het einde zijn? Die menschelijke of vleeschelijke voorzichtigheid en waanwijsheid bederven onze kerk."[132)]

Polman wys weer daarop dat dit uit die kerklike ordonnansies van Genève 1541 en 1561, sowel as die Franse konfessie duidelik is dat daar eenstemmigheid tussen Calvyn en die Franse kerk was oor die feit dat diakens deel het aan die kerkregering. Daar was egter verskil oor die vraag of die diakens tot die kerkraad behoort. Calvyn ontken dit terwyl die ander hulle wel 'n plek toeken in die kerkraad.[133)] Die Franse het die diakens egter net as hulpouderlinge by die kerkraad ingesluit. Hierin is hulle nagevolg deur Wesel en die Nederlandse sinodes. Op die eenheid sowel as die verskeidenheid van die ampte word hier nadruk gelê. Die regering van die kerk berus by al drie ampte, maar tog het elke amp net met 'n sekere deel van die regering te doen. So bepaal Wesel byvoorbeeld dat in leerkwessies dit allereers die herders en leraars is wat moet oordeel, en as hulle nie eenstemmigheid kan bereik nie, moet die hulp van die ouderlinge ingeroep word.[134)] Dieselfde bepaling kom in die Kerkorde van Genéve voor. Die ampte assisteer mekaar so in hulle werk.[135)] Die

---

132). J. Koelman: Het ambt en de Plichten der ouderlingen en diakenen. 'S. Gravenhage. 1837. Aangehaal by H. Bouwman: „Het ambt der diakenen." p.120. vgl. J.H. Coetzee: a.w. p.94.

133). A.D.R. Polman: a.w. IV. p.26.

134). Vgl. F.L. Rutgers: Acta van de Nederlandsche Synoden der Zestiende eeuw. p.31. Cap. VIII. 4, 5.

135). Vgl. A.D.R. Polman: a.w. IV. p.29.

eenheid en onderskeid van die ampte word so gehandhaaf. Al vorm al drie ampte saam die konsistorie, en al het al drie met die regering van die kerk te doen, is dit egter alleen by wyse van assistensie dat die ander ampte naas die ouderlinge betrek word in die kerkraad of senaat.

Bronkhorst benadruk ook die eenheid van die drie ampte. Christus het sy profetiese, koninklike en priesterlike amp in die apostolaat voortgesit. Die apostolaat word weer gedifferensieer in die drie ampte van predikant, ouderling en diaken. Die drie ampte slaan so terug op die drie ampte van Christus.[136)]

Teen hierdie agtergrond van die eenheid van die drie ampte as openbaring van die drie ampte van Christus, en die feit dat al drie die Woord bedien,[137)] skyn dit dan of die konklusie logies noodwendig is dat al drie ampte betrokke is in die kerkregering en daarmee dat die diakens wel tot die kerkraad behoort.[138)]

---

136). Vgl. A.J. Bronkhorst: a.w. p.p. 114-118. Vgl. ook H. Bavinck: a.w. IV. p.p. 456-469; J.G. Feenstra: Onze Geloofsbelijdenis. 1947. p.p. 394. e.v.

137). Vgl. K. Sietsma: De Ambtsgedachte: p.p. 92-101.

138). Tot die konklusie kom Bronkhorst blykbaar as hy op a.w. p.261, sê: „Wanneer echter ook het diakonaat als dienst des Woords wordt opgevat dan is moeilijk in te zien waarom aan diakenen den toegang tot deze vergaderingen (bedoel is meerdere vergaderinge) zou moeten worden geweigerd." Ook Bavinck: a.w. IV. p.470, konkludeer, na die bespreking van die drieërlei mag gegee aan die ampte: „Deze macht door Christus aan zijne gemeente geschonken, komt in de plaatslijke kerk saam in den kerkeraad." Vgl. ook p.424. Op die volle konsekwensie van hierdie konklusie kom hy egter terug as hy die regering beperk tot die presbiterium - die ouderlinge-kollege, sonder enige verdere vermelding van diakens. p.470. Ook Kuyper trek die volle konsekwensie van sy standpunt nie deur as hy spreek van 'n smalle en breë-kerkraad nie. Vgl. Tractaat: p.71.

Die vraag is egter of so 'n konklusie geregverdig is in die lig van die Skrif. Die Skrif is tog baie duidelik op die punt van die kerkregering as behorende tot die ouderlingsamp, dit wil sê tot die twee soorte ouderlinge, tewete die predikante en die ouderlinge.[139)]

Die verskil tussen wat logies noodwendig lyk en die Skrifgegewens, waardeur die verwarring ontstaan, lê myns insiens daarin opgesluit dat tot hiertoe nie genoeg aandag gegee is aan wat volgens die Skrif eintlik onder kerkregering verstaan moet word nie. Vandaar dat verval word in dubbelsinnighede. Enersyds, as die kerkregering benader word uit die oogpunt dat Christus se drie ampte terug gevind word in die drie kerklike ampte, word uit die eenheid van die ampte gekonkludeer dat ook die diakens deel het aan die kerkregering en daarom lede van die kerkraad is. Andersyds, as uitgegaan word van die Skrifgegewens oor die regering, dwing dit tot die konklusie dat die diakens tog nie daarin betrek word nie. Hulle kry dan net plek in die kerkraad as hulpouderlinge of as die ouderlinge hulle in algemene sake wil byroep tot assistensie.

J.H. Coetzee dink reeds in dié rigting, om 'n oplossing te vind, waar hy opmerk: „'n Aansienlike deel van die verwarring behoort uitgeskakel te word indien die term <u>kerkregering</u> gekoppel word aan die amp van ouderlinge en daaronder dan verstaan word die <u>geestelike</u> regering van die kerk. Hiervan is die diakens uitgesluit. Die funksie van die sog. breëkerkraad is dan 'n bestuurstaak: hieraan het

---

139). Vgl. My Hfst. II. oor die ouderlingamp. Ook A.J. Bronkhorst: a.w. p.115.

het die diakens prinsipieel sowel as prakties deel."[140] Dit is egter 'n oplossing wat nie aanvaar kan word nie, omdat dit al dadelik impliseer dat die diakenamp nie 'n geestelike, maar wel net 'n stoflike strekking het. Hy soek die oplossing blykbaar op die weg wat Bavinck terloops aangedui het met sy onderskeiding van regering in ruimere en engere sin.[141]

Maar met hierdie onderskeiding is die probleem nie opgelos nie. Dit bly dan nog die vraag of die sogenaamde breëkerkraad nie net 'n administratiewe liggaam is, wat eintlik nie regeermag het nie, maar net besturend of reëlend optree in praktiese aangeleenthede. En waar diakens as hulpouderlinge by die kerkraad geroep word, is dit ook nie omdat hulle kragtens hulle amp deel het aan die regering nie, maar omdat die Kerkraad dit aan hulle gee onder die besondere omstandighede of ten opsigte van besondere sake.

'n Ander oplossing sal dus moet gevind word deur die diakenamp nader te ontleed in die lig van die Skrifgegewens oor die kerkregering.

Kerkregering is gedefiniëer as die diens van die Woord, deur die ampsdraers van die plaaslike kerk, tot die vorming van die reëls vir die gedrag in die kerklike samelewing, die toepassing daarvan in die kerklike inrigting en die handhawing daarvan deur die uitoefening van die tug. Dit kom dus neer op die uitoefening van die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag deur die ampsdraers in die Naam van Christus.[142]

---

140). J.H. Coetzee: a.w. p.95.

141). Vgl. Bavinck: a.w. IV. p.460. Dit is 'n terloopse onderskeiding wat nie verder uitgewerk word nie.

142). Vgl. H. Bavinck: a.w. IV. p.445.

Die vraag is nou of die ampswerk van die diakens deel uitmaak van die regering, in dié sin dat ook aan hulle wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag toegeken is.

Blykens Handelinge 6:2 bestaan die amp van die diakens in die bediening van die tafels. „Het verband leert, dat het iets te maken moet hebben met armenzorg. Wij denken daarom bij trápeza aan de tafel, waaraan de leden der gemeente samen aten en dan wel zóó, dat de rijken zorgden voor het benodigde en de armen om niet mede konden eten."[143)]

Die apostels het die bediening van die Woord as hulle eerste taak gesien,[144)] maar ook die diens van barmhartigheid as 'n noodsaaklike deel van hulle werk. Dit was egter onmoontlik vir hulle om beide na behore te behartig. „Nu gaat er een stuk af, zeker het minder belangrijke...... stuk, maar toch een stuk en daarvoor word een eigen ambt geschapen."[145)]

Die diakenamp is dus 'n selfstandige amp, met die armversorging as opdrag.

Dit is belangrik om daarop te let dat die diakenamp net te doen het met 'n deel van die apostoliese werksaamheid, naamlik die daaglikse versorging van die weduwees. Hulle opdrag vloei voort uit 'n gedragsreël wat vir <u>die vergadering van die gelowiges</u>

---

143). F.W. Grosheide: De Handelingen der Apostelen I. p.195. Vgl. ook P.A.E. Sillevis Smitt: a.w. p.147; Bavinck: a.w. IV. p.376; H. Bouwman: Gereformeerd Kerkrecht. I. p.p. 82/3. J.D. du Toit: a.w. p.455.

144). Vgl. Hand. 6:2 en 4.

145). F.W. Grosheide: a.w. I. p.195.

klaar gevorm is. Die armes moet versorg word en nou reël die apostels net dat dit deur die diakenamp moet geskied. Die diakens het dus geen opdrag om mee te werk aan die vorming van algemene gedragsreëls vir die kerk en die uitvoering daarvan deur die kerklike inrigting ordelik te reël nie. Dit doen die regeer-amp. Die nadruk val by die diakenamp op die ontvangs van wat gebring word vir en die uitdeling daarvan aan die armes.[146] Dit gaan dus hier hoofsaaklik om die uitvoering van 'n besondere neergelegde gedragsreël in die kerk, op 'n wyse soos reeds vastestel deur die regeer-ampte. Die diakenamp is so die instrument waardeur Christus sy barmhartigheid aan die nooddruftiges voort-sit.

Die amp het dan meer bepaald gesag tot die uit-voering van die een aspek van die liefdesgebod van Chris-tus ten opsigte van die naaste: „Toen Hij op aarde was, omging Hij de steden en vlekken, niet alleen lee-rende in de Synagogen en predikende het Evangelie des koninkrijks, maar ook genezende alle ziekte en alle kwa-len onder het volk, Matt. 9:35. En dit was geene bij-komstige en toevallige werkzaamheid, maar een hoofdbe-standdeel van het werk, dat de Vader Hem opgedragen had om te doen."[147] As hy sy apostels uitstuur, gee Hy dieselfde mag aan hulle. „De volheid van zijn macht en de rijkdom zijner barmhartigheid werd er. in openbaar......, de gevolgen der zonde in de physische wereld werden er aanvanklik door weggenomen; zij liepen uit en ontvingen hun zegel en voleinding in de

---

146). Vgl. Die Formulier vir die Bevestiging van ouderlinge en diakens.

147). H. Bavinck: a.w. IV. p.p. 467/8.

opstanding, die de oorwinning van den dood en het beginsel der vernieuwing aller dingen was."[148] Aanvanklik openbaar Christus die volheid van sy mag en rykdom ter vestiging van die kerk op buitengewone wyse, deur buitengewone gawes. „De buitengewone toestand der kerk werd allengs normaal. En al werden de gaven niet onderdrukt of vernietigd, zij werden toch langzamerhand meer en meer verbonden met het ambt."[149]

Hoewel die diaken dus 'n selfstandige amp beklee het dit as openbaring van die priesterlike amp van Christus egter geen deel aan die algemene regering van die kerk nie. „In ieder kerk is de regering opgedragen aan de gezamentlike opzieners, dat is aan den kerkeraad, die....... heeft te zorgen en heeft toe te zien, dat alle ambtsdragers getrouw hun werk verrichten.[150] Alzoodanig behooren de diakenen niet tot den kerkeraad."

Die vervulling van die diakenamp is wel diens van die Woord, met die daad word verkondig dat Christus ook die mag van die duisternis oor die fisiese wêreld verbreek het en eenmaal alle dinge nuut sal maak,[151] en dat die gelowige ook hierin nou reeds die nuwe lewe moet openbaar. Von Meyenfeldt het dus in sekere sin gelyk as die diakonale diens 'n

---

148). ibid. p.468.

149). ibid. p.468.

150). H. Bouwman: a.w. I. p.597. Vgl. F.W. Grosheide: a.w. I. p.200, voetnoot 2.

151). Vgl. Openb. 21:1-5.

151/.....

diens tot „opbouw van de gemeenschap der heiligen"[152]) noem.

Maar al is die diakonale diens dan 'n diens van die Woord, tot opbou van die gemeenskap van die heiliges, betrek dit die diakens nog nie in die algemene kerkregering nie. Die diakonale taak is nie om gedragsreëls vir die kerk voor te skryf en om orde te stel op die kerklike inrigting ter uitvoering en handhawing daarvan nie. Die diaken is die orgaan waardeur Christus sy gestalte as Barmhartige Hoëpriester openbaar. Dit hou egter tegelyk in dat Hy ook deur dié amp die eis aan die gelowiges stel om die liefdesgebod in die alledaagse versorging van die behoeftiges na te kom.

Die amp kan dus nie heeltemal losgemaak word van die kerkregering nie. Uit die bediening van die amp vloei voort dat die diaken 'n deel van die werk van die ouderling met betrekking tot die uitvoering van en toesig oor die diens van die barmhartigheid oorgeneem het. Net 'n deel, omdat die inrigting van die kerk met

---

152). F.H. von Meyenfeldt: a.w. p.59. Hy gaan egter te ver as hy die taak van die diaken geheel laat oorgaan in die moontlik maak van die gemeenskapsbelewing. Veral waar hy hierdie gemeenskapsbelewing losmaak van die barmhartigheidsdiens as sodanig, lê hy in Handelinge 6 wat nie daarin te vinde is nie. Hulle moet naamlik net sorg dat armes en rykes, en dan veral die rykes, in die nuwe gemeenskap opgeneem word. Die rykes „moesten worden losgemaakt uit hun wereldse afzondering. Of anders gezegd: de rijken moest bevrijd worden uit de vingers van de onrechtverdige Mammon." a.w. p.p. 40/1. Verder: God het die rykes nie nodig om die armes te versorg nie, maar as Hy hulle tog wil gebruik, is dit nie soseer om die armes as wel om die welgesteldes in beskerming te neem nie en hulle deelgenote te maak van die gemeenskap van die heiliges. Vgl. a.w. p.41.

die oog op die diens en die toesig oor die uitvoering daarvan deur die diakens, by die ouderlinge bly berus. Die deel wat aan die diakens oorgedra is, gee dan veral 'n gedeeltelike, maar tog belangrike uitvoerende mag aan die diakens. „En terwijl zij op deze wijs de ellendigen des Heeren hebben te helpen, te steunen en te troosten, niet alleen door geld en goed, maar ook door geestelijke vertroosting, hebben ze tevens de gemeente geestelijk te bewerken door haar te leeren geven."[153] Hulle gee die bepaling van Christus tot diens van die barmhartigheid deur aan die gemeente en sorg vir die praktiese nalewing daarvan in die midde van die gemeente. En as daar ongehoorsaamheid aan, of verset teen die eis van Christus, tot openbaring van die aspek van die nuwe lewe kom, is dit weer die taak van die ouderlinge om die reg te handhaaf na rapport van die diakens. Dit wil sê die diakens voer hulle amp selfstandig uit insoverre dit die deel van die uitvoerende mag betref wat aan hulle toevertrou is, Hulle beslis in die diakonale vergadering wie en hoe gehelp moet word; hulle sê die gelowiges aan om die gawes af te dra; vertroos, bemoedig en versorg die armes en vermaan hulle tot dankbaarheid jeens Christus. Daarmee is hulle taak afgehandel. Waar hulle verset by die gelowiges teenkom, het hulle nou geen ander taak as om dit aan die ouderlinge te rapporteer, aan wie die handhawing van die reg deur die tug opgedra is. Die rapport aan die ouderlinge in dié opsig impliseer dus nie 'n onderhorigheid van die diakens nie; dit hou alleen in dat daar 'n perk gestel is aan hulle ampsbevoegdheid.

---

153). A. Kuyper: Tractaat. p.65.

153/.......

Waar die ouderlinge ook toesig het oor die uitvoering van die diakens se ampswerk in die algemeen, en hulle derhalwe aan die kerkraad rapport moet lewer oor die vervulling van hulle taak, hef dit ook nie die selfstandigheid van die diakens op nie. Tewens elke ampsdraer, ook die ouderling en predikant, is verantwoordelik aan die kerkraad verskuldig oor die vervulling van sy roeping. Daarom is die bedoeling van die rapport, in die algemeen, van die diakens aan die kerkraad nie dat hulle, wat die besondere uitoefening van hulle amp betref, aan allerlei voorskrifte van die kerkraad gebonde is nie. Die kerkraad lê wel neer dat die diakens die armes moet versorg. Maar presies watter persone en hoe hulle moet versorg word, is 'n saak vir die diakens om oor te beslis.

Daaròm, al het die diakenamp na sy wese nie met die kerkregering in die algemeen te doen nie, is dit tog ook weer kragtens die wese daarvan gedeeltelik in die kerkregering betrek wat die een aspek van die kerklike samelewing betref. Derhalwe is die diakens insoverre dit die uitoefening van die barmhartigheidsdiens aangaan, saam met die ouderlinge en predikante in die kerkregering betrokke, dit wil sê, insoverre hulle in dié verband met uitvoerende gesag beklee is. In dié sin is die diakens dan tog wel soms lede van die kerkraad.

Artikel XXX van die Nederlandse Geloofsbelydenis moet dan in dié lig gelees word. Dit hou nie in dat die diakens altyd lede is van die kerkraad nie, maar alleen insoverre hulle die gedeeltelike uitvoerende gesag, ten opsigte van die barmhartigheidsdiens, besit.

Die artikel sê niks anders nie as dat die diakens saam met die dienaars en opsieners daar is as die Raad van die kerk, waardeur gesorg word „dat ook die armes en bedruktes gehelp en getroos kan word na die maat van hulle behoeftes." Tereg sê Bouwman: „In de Belijdenis wordt wel in het algemeen uitgesproken, welke personen samen de kerkeraad vormen, zonder dat het de bedoeling is formeel te regelen, welke de afzonderlijke werksaamheden der kerkeraadsleden zijn."[154)]

Die besluit van die Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika oor die betekenis van Art. 30 N.G.B. sluit in sekere sin hierby aan. Eers word gestel dat die artikel nie sê „dat die drie soorte van Kerkdienare tesame die Kerkraad vorm of die Kerkraad is nie, maar dat hulle daar is as 'n Raad van die Kerk. Die woordjie as word hier nie in essensiële sin gebruik nie, soos duidelik blyk uit die Franse en Latynse teks van die N.G.B." Dan word vervolg: „Art. 30 van die N.G.B. is geen art. van 'n K.O. wat kerklike bevoegdhede formeel wil reël nie, maar dit is 'n artikel van 'n Konfessie wat in die algemeen uitspreek wie in die kerk ex officio iets te doen en te reël het. (Sien Rutgers, Kerkelijke Adviezen)."[155)] Die woorde „iets te doen en te reël het," as siende op diakens, dui tog op 'n sekere deelname aan die kerkregering in die sin wat dit hierbo uiteengesit is. Die omskrywing van Voetius dat die kerkraad uit leer- sowel as regeerouderlinge en soms ook uit diakens bestaan,[156)] kan dan dien as 'n

---

154). H. Bouwman: a.w. II. p.114.

155). Handelinge van die Sinode. 1945. p.101.

156). Vgl. G. Voetius: a.w. ed. Rutgers. p.246.

goeie weergawe van die bedoeling van die artikel in die belydenis.

Hoewel die diakens ten opsigte van die barmhartigheidsdiens gedeeltelik in die kerkregering betrokke is,[157] verander dit egter nie die gewone samestelling van die kerkraad met die oog op die kerkregering in die algemeen nie. Die uitsondering maak dit nie noodsaaklik om die kerkraad as iets anders as 'n vergadering van presbiters, en dus as presbiterium, te kwalifiseer nie.

***************

(vii) Samevattende Konklusie:

Uit alles wat hierbo aangaande die kerkregering gesê is, het dit algaande duideliker geword dat daar in die Heilige Skrif 'n besonder noukeurige omlyning van die wesenlike regeertaak van die kerkraad, tot die behoorlike inrigting van die kerk as instituut vir die bediening van die Woord, die sakramente en die tug, is. Die kerkregering self is dan ook diens van die Woord, daarin dat dit die Koningskap van die Christus van die kerk tot 'n werklikheid laat word deur sy Woord. In dié sin kan die hoofdoel van die kerkregering in die woorde van Paulus aan Timotheüs, saamgevat word: „Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering,

---

157). Dit is nie nodig om hier op die vrae in te gaan na die noodsaaklikheid van 'n diakonale vergadering, die status en die verhouding daarvan tot die kerkraad, en of alle sake rakende die barmhartigheidsdiens per se net in 'n vergadering van die kerkraad met die diakens behandel moet word nie. Dit hoort tuis by die Kybernetiek en nie die kerkreg nie. „Ook nadat echter op die wijze door het kerkrecht de inrichting der Kerk en haar regelen is vasgesteld, blijft nog een heel andere vraag over, t.w. de vraag, op wat wijze de ambtsdragers in de practijk het best deze regeering zullen uitoefenen." A. Kuyper: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. III. p.p. 530/1.

tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."[158] Daarom word in die riglyne wat aangegee word vir die kerkregering in die Skrif die nadruk gelê op die verkondiging van die Woord, in die openbaar sowel as aan die individue. Die kerkregeerders is herders wat vir die kudde as geheel, maar ook vir elke skaap afsonderlik, verantwoordelik is. Dit is reeds duidelik uit die optrede van Jesus self, sowel as die van die apostels. Hy rig sy verkondiging tot die skares, maar tegelyk gee Hy ook aandag aan die individue in opvolging van sy openbare prediking.[159] En rondom hierdie verkondiging word die kerkregering betrek.

Die kerkraad het egter nie die taak om die gelowiges te ommuur met allerlei bepalinge tot reëling van elke besonderheid in die persoonlike of kerklike lewe nie. Die vryheid van die gelowiges waarmee Christus hulle vrygemaak het, mag nie deur gebod op gebod en reël op reël vernietig word nie. Die kerklike samelewing moet so gereël word dat die gelowiges hulle daardeur steeds meer en meer na die Woord van God, dit is na die Christus van die Skrifte toe wend, om so hulle vryheid in Christus as mense van God te belewe. In die kerkregering lewer die ampsdraers ook diens aan die gelowiges, sodat hulle hul roeping as burgers van

---

158). II. Tim. 3:16 en 17.

159). Vgl. o.a. Joh. 6:22-69. Eers laat Jesus se openbare prediking die massa Hom die rug toe keer, daarna rig Hy Hom tot die twaalf persoonlik en vra: „Wil julle nie ook weggaan nie?" Vgl. ook Joh. 3:1 v.v. waar die persoonlike aandag aan Nikodemus klaarblyklik voortvloei uit Jesus se openbare optrede. Verder: Joh. 4:7 v.v. en Hand. 20:20.

157/....

die Koninkryk van die hemele kan vervul. Die tere sorgende liefde van Christus vir sy gelowiges word daarin aanskou.

Uiteraard hoef daar in so 'n kerkregering nie gevrees te word vir menslike heerskappy en tirannie nie, tensy daar 'n loëning van die ware ampsgedagte intree. Dan ontaard dit wat 'n tere sorg van Christus vir sy kudde moes wees, in die verskeuring deur wrede wolwe. Gebod op gebod en reël op reël wat tot die onderwerping aan menslike heerskappy voer, kom na vore waar die dienskneg, die gesant, self koning wil speel.

Word die gedagte aan diens aan Christus ten behoewe van die gelowiges egter vasgehou, kom dit tot openbaring in die Skriftuurlike inhoud en sobere omvang van die Kerkorde. Alleen die noodsaaklike eise wat Christus stel vir die kerklike samelewing en inrigting word neergelê en daaromheen ordebepalings gemaak ter instelling en funksionering van die ampte tot diens van die Woord, sakramente en tug. A. Kuyper se uiteensetting aangaande die Kerkorde kom dan ook daarop neer dat dit die vasstelling van die konstitusie is, waarin die jus constituendum in die jus constititum toegepas of verwerklik word.[160)]

Vanselfsprekend moet die orde-bepalinge gering bly in getal en alleen rigtinggewend wees. Hoofsaak is immers dat die Skrif spreek en dat die ordebepelinge net daartoe moet dien dat die Skrif in al sy majesteit, en so Christus, middelpunt van die kerklike

---

160). Vgl. A. Kuyper: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. III. p.p. 239-241. vgl. ook Joh. Jansen: De Kerkenordening: p.43.

samelewing sal wees. Dié konsensies word nie deur die kerkorde gebind nie en die getal „der vormen" moet so klein moontlik gemaak word „dat zij Gods ordinantiën daarbij altijd onvoorwaardelijk op den voorgrond stelt; en (om nu ook de hoofdzaak nog te noemen) dat zij ook uitdruklik vrijheid geeft, en zelfs voorschrijft, om zich aan Gods Woord te houden, als het zijn moet zelfs tegenover alle kerkelijke ordening en beslissing. Door dat laatste is (om het zoo eens uit te drukken) de volstrekte heerschappij van Gods Woord ook formeel in de rechtsorde opgenomen."[161)]

Die kerkorde mag ook geen kerklike wetboek wees wat presies 'n opsomming gee van oortredinge en gevalle waarin, byvoorbeeld wat die tug betref, presies voorgeskryf word watter strawwe elke keer toegepas moet word nie: „In het kerkelijke bestaat er geen wetboek, en moeten er geen artikelen geraadpleegd worden alvorens men weet of deze of die er onder te vatten is."[162)]
Die Roomse Kerk het wel so 'n wetboek waarin gepoog word om te omskrywe wat 'n christenmens moet doen en laat. „In de Gereformeerde kerken heeft men nooit zoo gehandeld, maar zich bezig gehouden met beginselen te stellen...... volgens hetwelk in de practijk ieder geval te beoordelen is."[163)]

Daarom word ten opsigte van die gevormde gedragsreëls vir die kerklike samelewing ook by voorkeur

---

161). F.L. Rutgers: Het Kerkrecht: p.20. Vgl. ook L. Praamsma: Kerkordening en geschiedenis. p.5. en Joh. Jansen: a.w. I. p.56. Vgl. verder: Calvyn: Institusie: IV. VIII. 8. p.170.

162). J. de Jong: a.w. IV. p.55.

163). ibid. p.55; vgl. ook Ph. J. Huijser: a.w. p.88.

nie gespreek van kerkwette, wat deur 'n kerklike owerheid opgelê is en deur 'n kerklike regbank gehandhaaf word nie. Prinsipieel, op voorwaarde dat so gespreek word in die afgeleide sin dat Christus self agter die wetgewing, uitvoering en handhawing van die wet gesien word, sou daar geen beswaar teen die benaminge ingebring kan word nie. Maar waar aan dié terme die gedagte van die menslike heerskappy, soos die mens dit homself toegeëien het, kleef in hierdie sondebedeling, moet dit liewer vermy word. Ook waar dit in wesenlike sin alleen van God of Christus gesê kan word dat Hy die Wetgewer, Uitvoerder en Handhawer van Sy Wet is.

Dit is saaklik meer juis om te spreek van 'n kerkorde, opgelê deur die ampsdraers in 'n wettige vergadering, wat gehandhaaf word deur die kerklike tug. Daarin kom die aard en karakter van die kerkregering sterker op die voorgrond. Geen bloot formele wet word afgekondig, wat geld net omdat dit deur bevoegde organe vasgestel is nie, maar die wet van Christus vir leer en lewe word afgekondig en na Sy voorbeeld en dié van die apostels word die nalewing en handhawing daarvan ordelik vir die gelowiges gereël. Joh. Jansen vestig die aandag op die woord <u>ordening</u> wat van die begin af deur die gereformeerdes gebruik is; dan vervolg hy: „Sinds de 18e eeuwe en later sprak men ook wel van kerkelijke <u>wetten</u> of <u>reglementen</u>....... Dit geschiede dan in minder praegnanten zin of wel geheel onbedacht. Want het woord <u>wet</u>, sensu praegnante, in eigenlijke en strikten zin genoemen heeft eene gebiedende en bindende kracht. Eene wet moet gehoorzaamd enkel omdat het er staat, onverschillig of gij het er mee eens zijt of niet. In den hoogsten zin is God dan ook de Enige wetgever,

die verplichten kan tot absolute gehoorzaamheid.......
Daarom is het beter op kerkelijk gebied van "ordening" te spreken. Dan zijn wij ook woordelijk met de H. Schrift in overeenstemming, want de apostel Paulus schreef, dat in het kerkelijk leven alles "eerlijk en met orde" moet geschieden, 1 Cor. 14:40".[164)]

---

164). Joh. Jansen: De Kerkenordening. I. p.p. 8 & 9.